# Dagstukkies

# Dagstukkies 9

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 9

Danie Nell

# DAGSTUKKIES

# (NOMMER 9)

**Ek vertrou jy het altyd die "Dagstukkies" geniet want dit was elke keer vir my 'n voorreg om dit te stuur.**

**Omdat dit nie moontlik was om uit vind hoeveel ontvang dit nie, is ek net dankbaar dat die "geestelike manna" regoor die wêreld mense kon stig en bemoedig.**

**Ek het dit verniet ontvang en gee dit verniet.**

Danie Nell (Jeffreysbaai)

Epos adres: danie.nell1937@gmail.com

ISBN 978-0-620-55271-4

# Die krag in Jesus se Naam

**Filippense 2:9,10** *"Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: 'Jesus Christus is Here!' tot eer van God die Vader."*

Die Naam van Jesus is nie net 'n woord nie. In Sy Naam is daar geweldige outoriteit. Geen demoon en probleem kan weerstand bied teen die Naam van Jesus nie. Daar is baie meer krag in Jesus se Naam as wat ons ooit kan besef.

Baie keer hoef jy nie eers al die Skrifte aan te haal nie, maar net sê in "Jesus se Naam" en jy sal ervaar hoe God se mag in werking sal kom. Indien die bose siekte, swaarkry, depessie of armmoede oor jou wil bring kan jy dit alles weerstaan in Sy Naam.

Rig net jou vinger na die probleem en sê: "In Jesus se Naam weerstaan ek jou aanslag teen my en my gesin." Glo dan dat Jes. 54:17 ook vir jou geskryf is, naamlik: *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê..."*

Open. 19:13: *"En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy Naam is: Die Woord van God."*
As jy Jesus se Naam gebruik gooi jy eintlik die duiwel met die hele Bybel!

**Laat my tog U heerlikheid sien**
**Exodus 33:18** *"Daarop vra hy (Moses): Laat my tog U heerlikheid sien."*

Moses was alleen met God op 'n berg en wou Sy heerlikheid sien. God het hom laat verstaan dat geen mens kan Hom sien en bly leef nie. (verse 20-23)
God het Moses in 'n skeur van 'n rots laat gaan en Sy hand daaroor gehou sodat Moses Hom nie sou sien nie. Die Here het net toegelaat dat Moses Hom van agter kon sien. Hierdie is te ingewikkeld vir ons as mens om te verstaan. Dit was seker 'n "awesome" oomblik in Moses se lewe?

Moses vra God om Sy heerlikheid aan hom te wys. Indien jy Ex. 33 asook Ex. 34:5-7 met aandag lees, sal jy sien God wys hom: Sy genade; Sy vergifnis en Sy goedheid. Ons lees in die "New King James" Bybel: *"Then He said, 'I will make all My goodness pass over you'..."* Die Here se heerlikheid is ook Sy goedheid.

Die Boodskap vertaal ons Skrifgedeelte met: *"Toe vra Moses: 'Kan ek asseblief sien hoe U lyk?' Die Here sê toe vir Hom: 'Ek bederf graag mense wat Ek 'n guns wil bewys'..."* Pragtige woorde want dit is net soos God is!

God se heerlikheid is nie net bonatuurlike krag wat oor ons kom nie. God se heerlikheid is beslis Sy genade, vergifnis en verseker Sy goedheid.
Weet jy dat God jou graag wil bederf en guns aan jou wil gee?

## As jy by die Here skuil

**Psalm 91:1,2** *"Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."*

Ons leef in 'n wêreld vol spanning. Jy wonder soms of jy die nuus moet aanskakel om daarna te luister. Ons het só negatief geraak dat dit maklik is om iemand te hoor sê: "Ek weet hulle gaan my "highjack" maar ek weet net nie op watter hoek nie." Net in die week het iemand vir ons gesê dat sy 'n tyd wil weggaan omdat daar só baie mense gesterf het in hul gemeente dat sy voel dit het teveel geword vir haar.

Ek gee nie voor dat ek al die antwoorde het nie, want baie dinge gebeur wat ons eintlik nie 'n antwoord voor het nie. Om jou te bemoedig het ek ook Die Boodskap se vertaling van Ps. 91 gelees, omdat dit met praktiese woorde 'n boodskap aan ons wil oordra. Ek vind hierdie waarhede wat ek met jou deel: "Dis die Here wat jou uit die moeilikheid kom haal as iemand jou om die bos wil lei. Hy sal jou verlos van enige gevaar wat jou lewe bedreig. Hy sal jou veilig oppas. Jy hoef nie bang te wees dat enige mag jou bedags of snags sal oorrompel nie. Nie eens 'n gevaarlike siekte wat jou van agter af bekruip sal jou kwaad aandoen nie. Sy engele sal jou omring en jou veilig vashou dat jy nie sal seerkry nie."

Ons hou van die beloftes in die Bybel. Maar onthou elke belofte het ook 'n voorwaarde.

Dit is alleenlik wanneer jy by die Here skuil dat jy sal kan sê dat Hy jou toevlug is.

D/B (v. 13) *"Met die Here se hulp sal jy elke moeilikheid wat jou oorkom te bowe kom."*

# Dié wat God liefhet behoort Hom te prys

**Psalm 33:1** Die Boodskap: *"Julle wat reg voor die Here leef, kom prys Hom! Julle wat Hom liefhet, moet lofliedere vir Hom kom sing."*
Die Lewende Bybel: *"Juig oor wat die Here gedoen het...'n Mens wat opreg is teenoor die Here, behoort Hom altyd te prys."*

Lof en aanbidding teenoor die Here moet nie net iets wees wat ons op 'n Sondag in die kerk doen nie, maar dit moet wees soos ons teks dit stel: *"'n Mens wat opreg is teenoor die Here, behoort Hom* ***altyd*** *te prys."* Nie net in tye wanneer dit goed gaan met ons nie, maar altyd.

Waarom slegte dinge met goeie mense gebeur kan ons nie verklaar nie. Wat ookal met ons gebeur moet ons lof aan God bring omdat ons opreg is teenoor Hom.
As jy die eerste paar verse in Jesaja 6 lees, sal jy uitvind dat die engele nag en dag God aanbid met woorde soos: *"Heilig , heilig, heilig is die Here van die leërskare. Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol."* (Jes. 6:3) Hulle prys God dat die drumpelposte bewe. Wanneer ons in die hemel kom sal ons saam met die engele God aanbid, soos hulle dit doen. Miskien moet ons reeds hier op aarde leer om ware prys aan God te bring? Besluit om nie God te prys en aanbid soos jy dink dit moet wees nie, maar vind uit hoe die Here daarvan hou.

Jare gelede het ek my aangemeld om 'n aanbidder te wees.
Die Here soek mense wat Hom in gees en waarheid sal aanbid. (Joh. 4:23,24)
Dikwels meld ek myself weer aan om God beter te aanbid.

**Mense het bemoediging nodig**
**2 Korintiërs 1:3,4** *"Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die eer toe!...In elke moeilikheid help Hy ons. Daarom kan ons ook weer ander help wat in allerhande moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig..."*
Die Boodskap: *"As ons Vader oorstroom Hy ons met sy goedheid. As ons God troos Hy ons. Hy staan by ons en help ons in al ons krisisse. Daarom kan ons ander mense help en troos wanneer hulle swaarkry. Ons kan presies dieselfde troos met hulle deel as wat God met ons gedeel het."*

Honderde huise, 'n hospitaal in Knysna en 'n skool by van Stadensbrug, is die afgelope week afgebrand deur veldbrande. Ongelukkig het 'n aantal mense ook gesterf. In al hierdie hartseer was dit wonderlik om te verneem hoe hulp van oral gekom het. Kos, klere, verblyf aan die hawelose mense was oorweldigend. Ons is regtig dankbaar teenoor almal wat hul mede-mens gehelp en bemoedig het!

Simpatie is iets wonderliks. Die Latynse woord vir simpatie beteken "om saam te pyn". Wanneer iemand swaarkry behoort dit jou só te raak dat dit jou persoonlik swaarkry word. Daarom leer die Bybel ons in Gal. 6:2 *"Dra mekaar se laste..."*
Hierin skiet ons baie kort. Ons sal iemand se laste werklik kan dra as ons bereid is "om saam te pyn".

Jy hoef nie lank te soek na iemand wat jy kan bemoedig nie. Vertel dan wat God vir jou gedoen het in jou tye van swaarkry. Sodoende bemoedig en troos jy iemand wat dit nodig het.

## Sy juk is sag en Sy las is lig

**Matt. 11:28-30** *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk sag en my las is lig."*
Die Boodskap: *"Voel julle moeg vir hierdie lewe? Knak julle knieë onder al die probleme en verantwoordelikhede wat julle moet dra? Het julle godsdiens leeg geword sodat dit julle geestelike dors nie meer les nie? Kom dan na My toe! Ja, kom wy jou lewe aan My toe. By My sal jy weer die sin van die lewe ontdek."*

Ek kan nie glo dat daar mense is wat sê dat dit nie maklik is om die Here te dien nie. Ons lees dan in 1 Joh. 5:3: *"Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie."* Het jy mooi gehoor wat hier geskrywe staan en dit is dat Sy gebooie nie swaar is nie? Wat ons wel weet is dat die duiwel se gebooie is swaar en hard. Hy is 'n harde meester.

Ek deel ook met jou Matt. 11:28-30 se vertaling in Die Lewende Bybel: *"Kom na My toe, dan sal Ek julle rus gee, julle almal wat moeg is en swaarkry onder die laste wat julle dra. Dra dan My juk en leer by My, want Ek is nederig en saggeaard. By My sal julle rus kry. Want die juk wat Ek julle gee om te dra, is sag en die las wat Ek op julle lê, is nie swaar nie."*

Kom vandag met vrymoedigheid na Jesus en vertrou Hom opnuut vir uitkoms. Hy vra dat jy jou lewe aan Hom sal wy om weer die sin van die lewe te ontdek. Al kom jy geestelik 'n lang pad, bly die uitnodiging vandag vars vir jou.

## Eensgesind en goedgesind

**Romeine 12:16,17** *"Wees **eensgesind** onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie...Moenie kwaad vir kwaad vergeld nie. Wees **goedgesind** teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense."*

Omdat ek vir maande geskryf het aan my boek oor "Gesindheid" tref Skrifgedeeltes soos hierbó my meer as voorheen. In hierdie teks word twee woorde gebruik, naamlik "eensgesind" en "goedgesind". Om eensgesind te wees beteken om dieselfde gesindheid te hê - dieselfde te dink en voel. Dit beteken ook om eendragtig te wees. Wanneer iemand goedgesind is beteken dit hy is vriendelik en tegemoedkomend teenoor ander. Hoe anders sou die wêreld net nie gewees het met meer mense wat goedgesind is nie?

Die Lewende Bybel vertaal ons Skrif: *"Werk saam sonder onenigheid...Bly op goeie voet met alle mense."* Die Boodskap praat weer van: *"Leef in harmonie met mekaar..."*
Natuurlik staan daar ook in vers 18: *"...as dit moontlik is sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense."* Het jy gehoor? Sover dit van jou afhang leef in vrede met alle mense.

As jy jou gesindheid verander, kan jy jou toekoms verander. Die regte gesindheid bewerk verseker die regte integriteit. Integriteit is om te kies wat reg is - niemand hoef jou dan dop te hou nie.

# Moenie skrik nie

**Spreuke 3:25,26** Die Lewende Bybel: *"Jy hoef ook nie bang te wees vir 'n onverwagte ramp of vir die ondergang wat die slegte mense gaan tref nie. Want die Here is jou waarborg en Hy sal sorg dat jy veilig is."*

Vir 'n onverwagte ramp kan jy vrees in jou hart toelaat óf jy druk deur na oorwinning. Raak rustig in jou hart en weet dat God jou waarborg is en Hy sal sorg dat jy veilig is. God sal altyd jou geloof in Hom eer, soos wat ons lees in Rom. 10:11: *"Die Skrif sê tog: Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie."*

Jy doen nie aansoek vir 'n ramp nie, dit kom gewoonlik onverwags. Al manier om jou daarvoor voor te berei is om te sorg dat jy geanker is aan die Here en Sy Woord. Alleenlik God is gereed vir enige ramp en tragedie wat kan kom.

Die Here het beloof in Psalm 91:5,6: *"Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie!"*

As ons ooit by die Here moes skuil is dit in die tyd waarin ons leef! Onverwagte rampe kan oor ons kom soos siektes asook brande en vloede.

Glo in ons teks: *"...die Here is jou waarborg en Hy sal sorg dat jy veilig is."*

## Liefde is goed vir jou gesondheid

**1 Kor. 13:4,5** Die Lewende Bybel: *"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie. 'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander mense teen hom doen nie."*

Om in liefde te wandel is regtig goed vir jou gesondheid. Dit is 'n groot waarheid en Mediese wetenskap het dit ook bewys. Enige vyandigheid en teëstand wat jy toelaat in jou lewe produseer stres wat maagsere veroorsaak, hoofpyne en 'n lang lys van siektes.

Selfs die klein dingetjies wat ons toelaat om spanning oor ons te bring is nadelig vir ons gesondheid. Dinge soos wanneer die droogskoonmakers ons klere bederf het, óf die swak bediening in 'n restourant, en die sous wat die kelner oor my klere laat val het.

Dink daaraan hoeveel spanning jy kan uitskakel deur te vergewe en in liefde te wandel soos wat ons geleer word in 1 Korinthiërs 13. As jy waarlik lief het sal jy nie verbitterd raak nie. (vers 5) En as daar een ding is wat siek maak dan is dit verbittering.

Dit is nie altyd 'n Mediese wonderwerk wat jou lewe sal red nie.
Neem 'n besluit om altyd volgens die liefde te wandel.
Liefde is baie goed vir jou gesondheid - geestelik en liggaamlik.

# Betaal wat jy beloof het

**Psalm 116:14** *"My geloftes sal ek aan die Here betaal in die teenwoordigheid van Sy ganse volk."*
Die Boodskap: *"Ek het beloftes aan die Here gemaak. Ek sal dit hou sodat al Sy kinders dit kan sien."*

Om 'n belofte te maak is 'n ernstige saak. Veral as jy dit aan die Here gemaak het. Die woord "gelofte" word die meeste gebruik as dit teenoor God gemaak word.
Jakob het 'n gelofte aan God gemaak in Genesis 28:20-22.
Jefta het ook 'n gelofte aan God gemaak. (Rigters 11:30,31)
Jefta moes duur betaal omdat hy hierdie gelofte aan God nie kon breek nie. Lees self die res van Rigters 11. Wees dus verantwoordelik as jy aan God iets belowe.

Die wyse Salomo gee goeie raad rakende 'n gelofte aan die Here in Pred.5:3,4: *"As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie...Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie."*

Vir die Psalmdigter wat Ps. 116 geskryf het (seker Dawid?) was sy belofte aan God só belangrik vir hom dat hy die woorde in ons teks 'n tweede keer herhaal het in vers 18. As 'n belofte belangrik is tussen twee mense hoeveel temeer 'n gelofte aan die Here?
Dawid sê in Psalm 56:13 (Die Boodskap) *"O God, die beloftes wat ek aan U gemaak het sal ek nakom."*

Wees versigtig wat jy belowe, want jy moet dit kan betaal.
Is daar uitstaande beloftes aan God wat jy nog moet nakom?
Dit sal vir jou deure oopmaak as jy jou beloftes kan nakom.

# Naamborde

**Filippense 4:8** *"Verder...alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat* ***lieflik*** *is, alles wat* ***loflik*** *is - watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit."*

By die ingang van ons huis is daar 'n Naambordjie met die volgende woorde: *"Lieflik en Loflik woon hier."* Die afgelope 19 jaar het mense ons gevra wie van my vrou en ek is "Lieflik" en wie is "Loflik"?

Natuurlik is dit nie ons name nie, maar dit is wat ons in ons huis wil laat woon. Ons begeer net mooi dinge wat lof aan die Here sal bring in ons huis. Vandag is ons opreg dankbaar dat mense wat in ons huis kom vakansie hou het, terwyl ons oorsee was, kon getuig van die vrede wat hulle in ons huis ondervind het. Ek glo dit was omdat ons altyd gepoog het om nie kwaadpraat en negatiewe dinge in ons huis toe te laat nie.

Indien jou huis, jou woonstel óf plaas, 'n naam het en daar iets op 'n bordjie geskryf staan by die ingang na jou woning - maak seker dat dit iets is wat mooi is.
Indien daar iets negatiefs staan soos: "Verdrietfontein" óf "Sukkelbestaan" verander daardie Naambord so gou as moontlik! Bely en roep alle goeie dinge en seën uit oor jouself en jou woonplek.

Wat ons spreek, skryf en selfs bedink is belangrik.
Vul dus jou lewe met dit wat lieflik en loflik is.
Ja, ook alles wat reg, eerbaar en waar is.

## Die Naam van Jesus

**Filippense 2:9,10** *"Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is..."*

By die geboorte van Jesus Christus het 'n engel verskyn aan Josef (Jesus se aardse vader) en vir hom gesê: *"...en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."* (Matt. 1:21)
Ons gebruik nie net die Naam van Jesus wanneer ons afsluit in gebed nie, maar ons bid in Jesus se Naam omdat Hyself gesê het in Joh. 14:12,13: *"En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."*

In Hand. 3 is daar 'n treffende verhaal hoe Petrus en Johannes 'n lam man laat loop het in die Naam van Jesus. (Hand. 3:6-8) Ons lees in vers 8: *"En hy (die verlamde) het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys."* Ek hou nogal van die woorde dat hy "opgespring" en dat hy "God geprys" het. En toe Petrus antwoord moes gee hoekom hierdie man wat van sy geboorte nooit kon loop nie, onmiddelik kon loop, was sy antwoord: *"En deur die geloof <u>in Sy Naam, het Sy Naam</u> hierdie man wat julle sien en ken, sterk gemaak..."*

Daar is baie meer krag in die Naam van Jesus as wat ons dink.
Vra die Vader wat jy nodig het in die Naam van Jesus.
Wat ons ookal in Sy Naam mag vra, dit sal Hy doen.

**Kry die regte soort kennis**

**Spreuke 4:7** *"'n Belangrike reël vir die lewe is om meer en meer van die regte soort kennis in die hande te kry. Dan sal jy meer op jou gemak voel. Jy sal weet hoe om in die alledaagse lewe op te tree."* (Die Boodskap)

Een van die beste maniere om kennis te kry is om te lees. As jy die regte soort kennis wil bekom beveel ek aan dat jy meer God se Woord sal lees. Lees jou Bybel totdat jy dit verstaan. Ja, lees jou Bybel totdat dit met jou in jou gees sal praat. Daar is in elk geval geen beter manier om Bybelstudie te doen as om jou Bybel te lees nie.

As jy die regte soort kennis wil bekom, sal jy dit vind in jou eie Bybel. Maar dan moet jy dit nie net nou-en-dan lees nie, maar daagliks. Hoe meer jy die Bybel lees hoe meer sal jy ontslae raak van al die onsin wat ingang in jou denke gevind het toe jy ongesonde dinge gelees het.

Dink jy dit is onredelik? Wat van die atleet wat vir vier jaar, ure per dag oefen vir die Olimpiese spele, om homself gereed te kry om die 100 meter onder 10 sekondes te hardloop?
Dink daaraan: Vier jaar oefen net vir een item? Wat wil jy geestelike bereik?
Jy is in die voorste linie om te veg teen die aanvalle van die duiwel, wat sy beste doen om jou te vernietig waar hy kan. Daarom het jy baie kennis van God se Woord nodig.

Doen wat jy kan om jou te deurweek met God se Woord.
Sodoende sal jy die regte soort kennis in die hande kry
en soos ons teks dit stel:
*"Jy sal weet hoe om in die alledaagse lewe op te tree."*

## Koop die tyd uit

**Efésiërs 5:15,16** *"Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is."*
Die Boodskap: *"Wees baie versigtig hoe julle leef. Leef soos mense wat weet wat God van 'n sinvolle lewe verwag en nie soos mense wat niks daarvan weet nie. Moenie jou tyd mors nie. Maak die beste gebruik van elke geleentheid wat jy kry, want ons leef in moeilike en slegte tye."*

Moenie jou tyd mors nie. Gebruik die tyd tot jou beskikking om God se wil te kan verstaan, soos wat ons lees in vers 17:
*"Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is."*
Neem tyd en maak seker dat jy vol is van God se Gees, soos wat ons lees in vers 18. Omdat ons nie tyd reg gebruik nie mis ons die voorreg om die Gees toe te laat om ons lewens te vul.

Ek verstaan ook volgens v.19,20 dat ons die tyd moet "uitkoop" om lof aan die Here te bring. Moenie 'n geleentheid verby laat gaan waar jy God se Naam kan grootmaak nie. Dan wil ek jou ook aanmoedig om die tyd uit te koop om te doen soos wat ons lees in vers 21: *"Elkeen moet bereid wees om dáár te wees vir die ander een."* (Die Boodskap)

Vir al bogenoemde dinge moet ons tyd maak.
Luister weer mooi na ons teks: *"Moenie jou tyd mors nie. Maak die beste gebruik van elke geleentheid wat jy kry, want ons leef in moeilike en slegte tye."*

## God is besig om ons land te genees

**2 Kronieke 7:14** *"...en (as) my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."*

Dit lyk nie altyd so nie, maar neem kennis dat God besig is om ons land te genees! Baie het gebid dat waarheid sal deurbreek, en vandat dit gebid is word die een bedrog na die ander geopenbaar. Onthou 'n seer moet eers oopbreek dat dit wat onsuiwer en vuil is kan uitkom sodat genesing kan plaasvind. Hou aan bid, en moenie moedeloos word nie!

Saam met ons gebed moet ons woorde van oorwinning spreek oor ons land en nie praat soos die mense van hierdie wêreld nie. Hulle murmureer, maar ons moet woorde van lewe spreek. Want dood en lewe is in ons mond, volgens Spr. 18:21.

Kyk weer mooi na ons teks (wat jy seker goed ken) en moenie ophou om dit te glo nie. 'n Handvol gelowiges wat luister, wat glo en wat praat volgens die beloftes wat God in Sy Woord vir ons gegee het, sal bydrae tot die genesing van ons land. Miskien vra jy: Sal sommige se ontrouheid die getrouheid van God tot niet maak? Nooit! Lees Rom. 3:3,4 dan sal jy hoor dat God waaragtig is!

Bid ernstig oor dié dinge wat verander moet word in ons land. Vir God is alles moontlik en Hy kan die onmoontlike te doen. Spreek dit uit dat die Here besig is om ons land te genees.

**God is in staat om ons op te tel**

**2 Korintiërs 7:6** Die Boodskap: *"...Van buite het geweld my in die gesig gestaar en van binne het vrees my oorval. Maar toe gebeur daar 'n wonderwerk. Weet julle, ons groot God wat in staat is om mense op te tel wat in die stof lê, het my ook kom optel uit die diep put waarin ek was. Hy het my bekommernis in 'n oogwink weggevat..."*

(NAV) *"Maar God wat die neerslagtiges opbeur, het ons ook opgebeur..."*

Paulus vertel dat hy van buite bedreig was en dat hy ook van binne oorval was met vrees. Maar dan praat hy van 'n wonderwerk wat met hom gebeur het en dit is dat God wat in staat is om mense uit die stof op te tel, hom ook opgetel het uit die diep put waarin hy was. Het jy ook miskien 'n getuienis soos hierdie een?

Dawid het 'n soortgelyke ondervinding gehad, daarom skryf hy in Psalm 40:3,4: *"Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op 'n rots gestel;...En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse God..."*

Voorwaar ons dien 'n God wat in staat is om ons op te tel uit die stof. Hy is in staat om ook jou uit jou finansiële verknorsing te verlos en jou skuldvry te maak. Hy is in staat om jou te genees van enige siekte omdat deur Sy wonde daar vir jou genesing gekom het. Die mediese uitslag kan nooit die finale woord wees nie. God het altyd die finale sê oor ons lewe.

Ek weet nie in watter toestand jou gemoed vandag is nie? Maar wat ek wel weet is dat God in staat is om jou op te tel. Vertrou dus die Here dat 'n wonderwerk ook met jou sal gebeur!

## Moenie jou hoop verloor nie

**Romeine 15:13** *"Mag God, **die bron van hoop**, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, **sodat julle hoop** al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees."*

Wanneer jy jou hoop verloor het, het jy alles verloor. Moenie ophou droom nie want jou droom sal jou hoop wakker hou. Die Lewende Bybel vertaal ons teks met die volgende woorde: *"Daarom bid ek dat God, wat vir 'n mens so 'n verwagting (hoop) gee, julle sal vol maak van vreugde en vrede omdat julle op Hom vertrou..."*

Vrees om te verloor is gevaarlik. Sou jy vrees toelaat sal dit jou weerhou om in die geloof te waag. Jy sal vrees oorwin wanneer jy die hoop wat in jou is sterker na vore laat kom. Wat ookal wil keer dat jy nie in oorwinning kan beweeg nie, sal verander as jy groter kan droom. Wanneer jy jou geestelike berg wil "summit" (as jy die toppunt van jou berg wil bereik) sal jy sterker moet droom, en nie een oomblik jou hoop verloor nie!

Hoop kry fondasie in die Woord. Rom. 8:25: *"...as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding."*
Maar moet nooit vergeet nie: Ware hoop is bereid om te wag.
Rom. 5:5 (Die Boodskap) *"Wanneer ons al ons hoop op God stel, sal ons nooit teleurgesteld wees nie."*

## God kan alles doen

**Job 42:1,2** *"Toe het Job die Here geantwoord en gesê: Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie."*

Job was 'n baie vroom en opregte man en in Job. 1:3 lees ons: *"...dié man was ryker as al die kinders van die Ooste."* Maar skielik het die een ramp na die ander hom getref. Alles wat hy gehad het is vinnig van hom weggeneem. Sy kinders het gesterf, sy vrou het hom verlaat en al sy besittings het hy verloor. Tog hoor ons Job se hart in ons teks: *"Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie."*

Dit is juis wanneer dit met ons swaar gaan dat ons moet verklaar God kan alles doen en dat geen plan vir Hom onuitvoerbaar is nie. Wat ookal jou omstandighede is, glo God se woord wat sê: Matt. 19:26: *"...by God is alle dinge moontlik."* En in Lukas 1:37 staan geskrywe: *"Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie."* Moenie in een oomblik twyfel wat God kan doen nie!

Die kleuters sing 'n liedjie, wat ons gerus ook kan sing. Miskien onthou jy dit?

**My God is so groot**

My God is so groot, so sterk en so magtig daar's niks wat my God nie kan doen!
My God is so groot, so sterk en so magtig daar's niks wat my God nie kan doen!
Die berge maak Hy, die riviere daarby, die see en alles daarin.
My God is so groot, so sterk en so magtig daar's niks wat my God nie kan doen!

## Meer as Oorwinnaars

**Romeine 8:37** *"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het."*

Die Griekse woord *"hupernikao"* wat hier vir *"meer as oorwinnaars"* vertaal is, word vir my so mooi verklaar in die 'New King James' Bybel: *"The word describes one who is super victorious, who wins more than an ordinary victory, but who is overpowering in achieving abundant victory."*

In verse 33,34 staan geskrywe: *"Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel?..."* Jy is meer as oorwinnaar oor veroordeling as jy kan sê: *"Daar is nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie..."* (Rom. 8:1) Aanvaar dus geen veroordeling nie!

Paulus vra 'n belangrike vraag in vers 35: *"Wat kan ons nou nog skei van Christus se liefde vir ons? Swaarkry, probleme, vervolging, hongerpyne, 'n tekort aan klere, gevare, of dalk geweld? Nie een van hierdie dinge nie! Nie eens die grootste probleme waarvan daar in die Bybel gepraat word, kan ons ooit van Christus skei nie."* (Die Boodskap) Hy verwys na al hierdie dinge wat oor ons kan kom, en dan roep hy in oorwinning uit: *"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het."*

Ek weet nie voor watter uitdaging jy tans staan nie?
"Meer as oorwinnaar" beteken om jou uitdagings te oorwin.
Onthou: Dit is moontlik *"...deur Hom wat ons liefgehad het."*

# Hoogmoed

**1 Petrus 5:5** *"...Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."*

Moet nie te min van jouself dink nie, maar pasop dat jy nie teveel van jouself dink nie. Waak dus teen hoogmoed. Ons lees in Spr. 16:18: *"...hoogmoed kom voor die val."* Jak. 4:6: *"God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."*

Ons lees in Spr. 6:16-19 (Die Lewende Bybel) *"Daar is sewe dinge wat die Here haat en glad nie kan verdra nie: hoogmoedigheid; leuens; moord; die beplanning van misdaad; die drang om kwaad te doen; valse getuienis en die aanblaas van onenigheid."* Dit is treffend dat hoogmoed heel eerste op die lys is. Hoogmoed was ook die rede dat die duiwel uitgewerp is uit die hemel. (Eség. 28:14-17)

DL Moody ('n Wêreld evangelis) het gesê: "God stuur niemand leeg weg nie, behalwe dié wat vol is van hulself." Max Lucado het weer die volgende gesê: "Jy moet kies om nederig te wees. As jy jou stem verhef, laat dit net in lof tot God wees. As jy jou vuis bal, laat dit net in gebed tot God wees. As jy iets eis, laat dit net van jouself wees."

Hoogmoed is jou begeertes, sonder om God daarin te eer.
Hoogmoed is om alles wat jou oë sien vir jouself te wil hê.
Hoogmoed is om heeltyd net met jouself te spog.

## Jy is baie spesiaal vir God

**Kolossense 3:12** Die Boodskap: *"God het julle gekies. Julle is Sy spesiale mense in die wêreld. Hy is baie lief vir julle. Daarom moet julle die "klere" aantrek wat by julle pas. Jy moet baie vir ander mense omgee en gaaf met hulle wees. Wees op jou plek en moenie te veel van jouself dink nie. Moet ook nie ongeskik met mense wees nie, maar hanteer hulle mooi."*

Kolosse was geleë in die Suidweste van die huidige Turkye. Daar was groot verskille onder hulle hoe 'n mens gered word. Hulle het ook geglo dat daar verskillende manier was hoe iemand by God kon uitkom, en dat daar verskillende geeste was wat jou hierin kon help. Hulle het ook streng geestelike reëls nagejaag.

Die boodskap wat Paulus aan hulle gebring het was dat God hulle gekies het, en dat die Here hulle liefhet. Hulle moes weet dat hulle uit die mag van die duisternis uitgeruk was en deur Jesus verlos was toe Hy hulle sondes vergewe het. Dit het hulle baie spesiaal vir God gemaak asook vir jou!

Neem kennis: Die Here het jou gekies en het jou baie lief.
Deel wat jy van God ontvang het met ander mense.
Ons teks sê: *"Wees op jou plek en moenie te veel van jouself dink nie!"*

## Die Here is my herder

**Psalm 23:1** *"Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie."*
Die Lewende Bybel: *"Die Here is my herder; daarom het ek alles wat ek nodig het."*
Die Boodskap: *"Die Here sorg vir my soos 'n herder wat sy skape oppas; ek het niks meer nodig nie."*

Hierdie Psalm is seker een van die bekendste Psalms en miskien die beste. Ek vertrou jy is ook seker dat die Here jou persoonlike herder is? Indien die Here jou herder is praat dit van verhouding wat jy met Hom het, en dat Hy in al jou behoeftes sal voorsien. Daarom moet jy glo dat niks sal jou ontbreek wat Hy vir jou lewe beplan nie.

In die eerste drie verse praat Dawid van "Hy" maar vanaf vers 4 praat Dawid van "U" In die Engelse vertalings word die woord "He" in die eerste drie verse gebruik en vanaf vers 4 word die woord "You" gebruik. Dit is dán dat jy weet dat jou Herder nie iemand is wat vêr weg is nie, maar naby jou is. Hy het jou herder geword!
Lees weer gerus Joh. 10 om te hoor dat indien die Here jou herder is sal jy Sy stem kan ken (Joh. 10:4) en sal jy verseker na Sy stem luister. (Joh. 10:27)

Sê dit hardop dat jy dit self kan hoor: "Die Here is my herder!"
Maak seker dat jy na Sy stem sal luister en doen wat Hy sê.
Skud af alle vrees, want jou Herder sal vir jou sorg.

## ‘n Standvastige gesindheid

**Jesaja 26:3** *"U sal ‘n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar..."*

The Amplified Bible: *"You will guard him and keep him in perfect and constant peace whose mind (attitude)...leans on You, and hopes confidently in You."*

Iemand met ‘n standvastige gesindheid is ‘n persoon wat hul denke en gevoelens op ‘n vaste fondasie, volgens die beginsels in God se woord, gebou het. Dit is ‘n mondvol, maar ek weet dit is ‘n groot waarheid.

Aan iemand met die regte gesindheid sal die Here Sy vrede gee omdat Hy weet dat so’n persoon ten volle op Hom vertrou. Hy dink reg en sy gevoelens is onder God se beheer.

Die woord “vrede” wat in ons teks gebruik word verwys na die woord “shalom” wat impliseer: “gesondheid, geluk, voorspoed en ware vrede.”
Al hierdie verkry ons as ons ‘n standvastige gesindheid openbaar. Toets jouself hoe vas staan jy in jou gesindheid. Gesindheid beteken hoe jy dink en hoe jy voel.

As jy jou gesindheid kan verbeter kan jy ‘n beter toekoms vir jouself bepaal.
Jou hartsingesteldheid is ‘n belangrike deel van jou as mens.
Verander jou manier van dink dan sal jou dade ook verander.

# Eet die Woord

**Matthéüs 4:4** *"Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."*

God se Woord is vir jou gees soos brood is vir jou liggaam. Wanneer jou liggaam kos inneem, produseer dit fisiese krag vir jou liggaam. Wanneer jou gees gevoed word met voedsel uit God se Woord, produseer dit geestelike krag wat ons geloof noem.

En net soos wat jy nie een maaltyd kan eet en weke daarop versterk word nie, net so kan jy nie nou en dan die Bybel lees en meen dit sal jou vir weke aan die gang hou nie. Jy kan nie net probeer onthou wat in die Bybel geskrywe staan om jou geloof op te bou nie. Jy moet God se Woord gereeld lees, totdat dit met jou in jou gees praat.
Geen wonder dat Jeremia uitgeroep het in Jer. 15:16: *"Toe U woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en U woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart..."*

Geloof kom deur die Woord van God. (Rom. 10:17) Hoe meer jy jou Bybel lees hoe meer sal geloof groei in jou hart. En wanneer daar geloof in ons harte is dan rus ons in die beloftes wat ons vind in die Bybel.

Geloof help ons om vas te hou aan ons toekomstige drome.
Om te glo is om vas te hou aan die hoop wat ons nie sien nie.
Besluit dus om meer van God se Woord te "eet"

**Knak jou knieë onder al die probleme?**

**Matteus 11:28** Die Boodskap: *"...Voel julle moeg vir hierdie lewe? Knak julle knieë onder al die probleme en verantwoordelikhede wat julle moet dra?...Kom dan na My toe! Ja, kom wy jou lewe aan My toe. By My sal jy weer die sin van die lewe ontdek."*

Jy sal nooit kan oorwin as jy sou toelaat dat jy jou probleme dien nie. Jy dien jou probleme indien dit deur die dag (en nag) jou gedagtes beheer.
Volgens 2 Kor. 10:5 kan ons elke gedagtes gevange neem en dit tot gehoorsaamheid aan Christus maak. Die Boodskap vertaal hierdie vers met: *"En elke gadagte wat deur ons koppe gaan, neem ons gevange en lewer dit aan Christus uit. Ons dink slegs wat Hy wil hê."*

Jy sal oorwinning verkry oor probleme wanneer jy bevry word van verkeerde denke. Ons lees in Kol. 3:2: *"Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."* Hoe doen jy dit? Eerstens: Deur te glo wat in die Bybel geskrywe staan. Dit is immers God se gedagtes! Tweedens: Sorg dat jy omring word met mense wat vol geloof is en skakel in by hulle geloof. Derdens: Wees iemand wat lof aan God sal bring.

Toe Jona God geloof het in die vis, het die vis hom uitgespoeg. Jou probleme sal van jou ontslae raak as jy te midde daarvan God kan loof.
Jesus is groter as jou probleme - vul jou gedagtes met Sy Woord.

# Gee altyd jou beste

**2 Timótheüs 2:15** *"Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie..."*
Die Boodskap: *"Doen jou bes om jou werk so te doen dat God trots sal voel op jou..."*

Ek het al baie keer langs 'n sportveld gestaan om te hoor dat ouers vir hul kind sê om dit net te gaan geniet. Moet ons nie ons kinders ook aanmoedig om hul beste te gee en ook te gaan vir 'n wen nie?

Elke keer as jy jou beste gegee het in 'n sport en nie gewen het nie, hoef jy nooit sleg te voel daaroor nie. Geniet wat jy ookal doen maar ek wil jou vra om altyd jou beste te gee in wat jy doen.

Mense sal groot waardering hê as hulle kan agterkom dat iemand hul beste gegee het. Dit geld vir die sportveld maar ek glo dit geld ook in wat jy graag geestelik wil bereik. Daarom hou ek van die woorde in ons teks: *"Doen jou bes om jou werk so te doen dat God trots sal voel op jou..."*

Jou beste is om God lief te hê met jou hele hart en al jou krag.
Wat jy ookal wil doen, doen dit met al die mag wat jy het.
En mag die Here altyd oor jou glimlag wanneer Hy na jou kyk!

## Ons skuld is weggeneem!

**2 Korinthiërs 5:21** Die Lewende Bybel: *"Christus het nie een enkele sonde gedoen nie. Maar God het Hom verantwoordelik gemaak vir al ons sondes asof Hy dit self gedoen het. Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."*

Die goeie nuus is dat God dié wat in Hom glo nie meer vir hulle oortredings straf nie. Jesus was sonder sonde, maar Hy het ons sondes op Hom geneem toe Hy gesterf het aan die kruis. *"Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."*

Het jy gehoor? As ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem. Wanneer God na ons kyk sien Hy nie die sondes wat ons gedoen het nie. Sy vergifnis is so groot dat Hy na ons kyk asof ons nooit enige sondes gedoen het nie. Wonderlike nuus!

God het ook aan ons die bediening van versoening gegee. Om te versoen is om vrede te maak. Ons werk is om mense te help om vrede tussen hulle en God te kry asook tussen hulle en hul medemens. 'The Message' vertaal ons teks met: *"God uses us to persuade men and women to drop their differences and enter into God's work of making things right between them."*

As God ons skuld vergewe het dink Hy nooit weer daaraan nie. Sondes wat vergewe is, is sondes wat ons ook moet vergeet. Dit is so goed asof ons nooit gesondig het nie.

# Lewende Water binne ons

**Johannes 4:14** *"...elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."*

God se Gees is in ons - daarom is daar 'n fontein van lewende water in ons binneste! Soos wat 'n kraan water het, maar wat eers uitvloei wanneer ons die kraan oopdraai, net so is dit ook met ons. Ons moet die "kraan" oopdraai dat dit wat in ons is kan uitvloei na 'n dorstige wêreld daarbuite.

Ons wat jou ken sal weet dat "Lewende Water" in jou is as daar liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing deel is van jou karrakter. Hierdie dinge wil soos 'n fontein opborrel vanuit jou binneste.

'n Fontein het nie 'n pomp nodig om die water te laat uitvloei nie. In ons dorp druk die fonteine vanself water uit. Omdat 'n fontein van binne af water uitdruk, kan onsuiwerhede van buite af nie maklik invloei nie.
Hoe sterker God se fontein in jou is hoe minder sal daar die moontlikheid wees dat enige onsuiwerheid in jou lewe kan inkom. Wanneer jy liefde, blydskap, vrede en goedheid met ander deel, kan die duiwel geen gemors laat inkom nie.

Begeer jy "Lewende Water" in jou? Dan moet jy dors daarna.
Mag jy beskryf word soos wat ons lees in Jeremia 17:8:
*"...en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie."*

# Vergifnis

**Matthéüs 6:9,12** *"Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied...en vergeef ons ons skulde, soos wat ons ook ons skuldenaars vergewe..."*

Dit is voorwaar nie maklik om iemand te vergewe wat iets verkeerd aan jou gedoen het nie. Dit is ook moeilik om te erken wanneer jy iets verkeerd aan iemand anders gedoen het. Maar wanneer jy besef dat jy 'n vergeefte persoon is, behoort dit jou moed te gee om iemand wat jou seergemaak het, te kan vergewe.

Onthou: As jy 'n knoop in 'n tou wil losmaak, trek jy nie aan albei kante van die tou nie. Jy bring die twee punte bymekaar sodat dit makliker sal wees om die knoop los te kan maak. Dit is hoe vergifnis werk, naamlik dat albei partye moet bes gee sodat die "knoop" (of dan die probleem) opgelos kan word.

Jesus voel so sterk oor vergifnis dat Hy gesê het dat indien ons nie wil vergewe nie, sal Hy ons ook nie vergewe nie! Lees gerus weer Matt. 6:14,15. Ons vergifnis is dus gekoppel aan hoe ons ander mense vergewe.

Dink baie mooi: Is daar iemand wat jy moet vergewe?
Jy vergewe nie omdat daardie persoon dit verdien nie.
Jy vergewe sodat jyself vrygemaak kan word.

# Loof die Here vir Vergifnis

**Psalm 103:2,3** Die Boodskap: *"Ek wil nooit vergeet hoe goed die Here vir my is nie. Ek loof Hom! Dit is Hy wat my vergewe as ek verkeerde dinge doen..."*

Ons kan die Here loof en prys vir baie dinge, soos ons gesondheid, voorsiening in al ons behoeftes, vir reën en nog baie ander dinge. Maar jy moet saamstem dat die grootste rede wat ons het om die Here te loof, is dat Hy ons sondes vergewe het.

In Die Boodskap lees Ps. 103:9,10 soos volg: *"Die Here sal jou nie aanhou straf vir die verkeerde dinge wat jy gedoen het nie. Ook bly Hy nie vir altyd kwaad oor iets nie. Hy straf ons nie volgens dit wat ons regtig verdien nie. Hy vergeld ons nie op dieselfde manier vir al ons slegte dade nie."* Wat sou van ons geword het indien God ons sou hanteer volgens die sondes wat ons gedoen het?

Die ander uitstaande vers is Ps. 103:12: *"So ver as die Ooste verwyderd is van die Weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons."* Wie kan Oos en Wes bepaal? Ons kan wel Noord en Suid bepaal.

God vergewe nie net ons sondes nie, maar Hy verwyder dit.
Só vêr van ons dat ons dit nooit weer sal sien nie.
Net daar waar jy is moet jy die Here opnuut loof vir vergifnis!

# Wees Sy getuie!

**Handeling 1:8** *"...maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle sal kom, en julle sal My getuies wees..."*

Ons leef in 'n wêreld waar die meeste mense nie die geestelike dinge van God verstaan nie, en derhalwe is hulle nie oop vir die evangelie (die blye boodskap) nie.
Ons lees in 1 Kor. 2:14 (Die Lewende Bybel) *"'n Mens wat nie 'n Christen is nie, kan nie aanvaar wat die Gees van God vir ons leer nie. Vir so iemand klink dit na bog en hy kan dit nie verstaan nie..."*

Dit sal dus nie help om die goeie boodskap op hulle af te forseer nie. Jy sal nie veel bereik deur net te sê dat jy tog die waarheid aan hulle verkondig nie. Want waarheid kom elke keer negatief tot hierdie tipe mense.
Jy vra my wat moet ons dan doen om tog 'n getuie vir Jesus in ons omgewing te wees? My antwoord sal wees: "Oral moet ons die evangelie verkondig en soms kan ons woorde gebruik! Jy sal die beste getuie vir die Here wees as jou lewe die Here se boodskap kan oordra. Indien jy dus in jou werk teenstand kry moenie onverskrokke die evangelie boodskap wil oordra nie. Raak rustig en vertrou die Heilige Gees om aan jou 'n geleentheid te gee om dit te doen.

Ek bid 'n spesiale seën op elke getuie van Christus.
Wees net altyd daar vir mense - hulle sal na jou toe kom.
'n Soekende siel en 'n soekende Heiland sal mekaar nooit misloop nie!

## Die seën van die gee van Tiendes

**Maleági 3:10** *"Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie."*

Toe ek my vrou gevra het om verloof te raak, wou sy weet of ek tiende aan God gee. Ek was geskok met hierdie vraag en het haar laat verstaan dat ek 'n jong predikant is. Haar reaksie hierop was: *"Ek het nie gevra of jy voltyds vir die Here werk nie, maar my vraag was of jy die Here se tiende gee, want ek kan nie met 'n dief trou nie."* Tot hierdie dag is ek nie spyt dat ek dié soort vrou gekry het nie. Gelukkig het ek reeds tiende gegee toe ons ontmoet het, en deur al die jare van ons huwelik was ons daarin getrou.

Het jy geweet dat ons teks is ook die enigste plek in die Bybel waar God sê dat ons Hom kan beproef of Hy nie die vensters van die hemel vir ons sal oopmaak nie. Sou jy die volgende vers lees (Mal. 3:11) dan sal jy sien deur jou tiende aan die Here te gee verseker jy dat jou oes (jou inkomste) beskerm word. God stel belang in ons finansies.

God wil graag voorsien in al jou behoeftes. (Fil. 4:19)
Deur jou tiende te gee maak jy die deur van die hemel oop.
Wanneer daar druk kom op jou finansies, glo in ons teks.

# Hou aan Bid, Soek en Klop

**Matthéüs 7:7** *"Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word."*

The Amplified Bible: *"Keep on asking and it will be given you; keep on seeking and you will find; keep on knocking and [the door] will be opened to you."*
Die Lewende Bybel: *"Vra, en God sal vir julle gee wat julle vra. Soek, en julle sal kry wat julle soek. Klop, en Hy sal vir julle die deur oopmaak."*
Die Boodskap: *"Julle moet nooit moeg word om te bid nie. Vra en God sal vir julle gee. Soek en julle sal kry. Klop aan God se hemelse deur en Hy sal vir julle kom oopmaak."*

Die Kananése vrou het nie opgehou vra dat Jesus haar dogter sou bevry van 'n bose gees nie, al het Sy dissipels haar probeer wegstuur. (Matt. 15:22-28) Sy was tevrede met die "krummels" en het aangehou vra totdat sy die volle "brood" van Jesus ontvang het. Hierdie "brood" was die verlossing van haar dogter uit die mag van die duiwel.

Die gelykenis van die onregverdige regter en die weduwee is n goeie voorbeeld van hoe ons moet aanhou bid, soek en klop. (Ons lees daarvan in Lukas 18:1-8)

Daar is 'n sterk boodskap in vers 7: *"Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?"*

Ek weet nie hoelank bid jy al oor 'n spesifieke saak nie?
Moenie moedeloos word en besluit om nie meer te glo nie.
Dit is soms die laaste sleutel in die bos wat die deur oopsluit.

**Neem in besit!**

**Deuteronómium 1:8,21** *"Kyk, Ek gee die land aan julle oor; gaan in en neem die land in besit...(dan herhaal God die opdrag) Kyk, die Here jou God het die land aan jou oorgegee; trek op, neem dit in besit soos die Here, die God van jou vaders, jou gesê het; wees nie bevrees en wees nie verskrik nie."*

God het aan ons 'n opdrag gegee, net soos wat Hy aan Israel gegee het, om die land in besit te neem!
En in Die Boodskap se vertaling kom hierdie opdrag baie direk tot ons in die volgende woorde: *"Hierdie land gee Ek vir julle. Gaan vat dit vir julle."* Ja, God gee maar ons moet gaan vat wat aan ons behoort.

God het ons gemaak met outoriteit sodat ons kan oorwin! Gen. 1:26 *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld...en laat hulle heers..."* God het ons nie as verloordes gemaak nie, maar as meer oorwinnaars! (Rom. 8:37)

Elkeen van ons het ook iets persoonliks wat ons in besit moet neem. Dit kan 'n terrein of gebied wees wat probleme skep. Dit kan ook wees: Jou emosies, jou wil en jou stand in die Here. In enige vlak waar jy in jouself geestelike tekorte sien, het jy 'n opdrag om in besit te neem. Aanvaar dus geen nederlaag nie en moet geen uitdaging as te groot of te moeilik sien nie. Mag jy die Kaleb gesindheid openbaar, dat toe hy al 85 jaar was, het hy nog kans gesien om reuse aan te vat! Ons lees daarvan in Josua 14:10-12.

Identifiseer die terrein of gebied wat jy in besit moet neem.
Vra die Here vir krag en leiding hoe jy dit moet doen.
Moenie terug hou nie, maar gee jou alles om te oorwin!

# As jou put toegestop word

**Génesis 26:15** *"En al die putte wat die dienaars van sy vader in die dae van sy vader Abraham gegrawe het, dié het die Filistyne toegestop en met grond opgevul."*

Ons teks volg op die voorspoed wat Isak gehad het. Hy het in 'n tyd van baie groot droogte in die land gesaai en toe honderdvoudig geoes. Die Here het hom ook geseën met baie skape en beeste. En in vers 13 lees ons: *"En die man (Isak) het groot geword en altyddeur groter geword totdat hy baie groot was..."*

Soms kom daar teleurstellings net nadat ons besondere seën van die Here ontvang het. Wees dus op jou hoede sodat 'n aanval van die vyand jou nie onverwags sal tref nie! Ons lees dat die Filistyne Isak beny het omdat God hom geseën het. Hulle was kwaad vir Isak omdat God hom geseën het, daarom het hulle sy fonteine toegestop met grond.

Miskien voel jy ook iemand het jou "put" toegestop? Die seën en voorspoed wat jy beleef het is gekeer omdat mense jaloers was teenoor jou. Leer gerus van Isak hoe hy opgetree het. Toe daar onenigheid was oor sy eerste twee putte, het hy dit "Rusie" en "Klagte" genoem en nie daar stilgestaan nie maar aanbeweeg. Dit is wat jy moet doen.

Moenie stilstaan by jou put van "rusie" en "klagtes" nie.
Beweeg aan, want die put van "Ruimte" (Réhobot) wag vir jou.
Mag jou put dan oorloop met "lewendige water" (Gen. 26:19)

## Moenie ophou gee nie!

**Lukas 6:38** *"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

Moenie ophou gee nie! Al voel dit soms of hierdie Skrifgedeelte nie vir jou wil werk nie. Daar is tog een ding wat jy moet onthou en dit is, maak seker dat jy gee op die regte plek en vir die regte instansie. Reinhardt Bonnke, 'n baie geseënd evangelis, het dit eenmaal soos volg uitgedruk: *"Moet nooit saai op sement nie."* Jy sien, niks groei op sement nie! Maak ook seker dat jy vir 'n bediening gee waarop God se guns rus.

Om te gee is iets, wat nadat jy dit gedoen het, nie meer aan jou behoort nie. En tog gebeur daar iets wanneer jy gee. 'n Geestelike wet kom in werking en dit is dat die oomblik wat jy bereid is om te gee sal daar weer aan jou gegee word. Gewoonlik ontvang jy baie meer as wat jy gegee het.

Die Boodskap vertaling van ons teks sê dat as ons bereid is om te gee sal ons nooit te min hê om van te leef nie. Daar staan ook: *"Julle sal van kop tot tone oorlaai word met goeie dinge. Ja, julle ganse lewe sal oorloop van goedheid. Al die goeie dinge wat julle met ander deel, sal op verrasende maniere na julle toe terugkom."*

Besluit om bekend te staan as 'n gewer.
Jy hoef nie altyd 'n openbaring te ontvang voordat jy gee nie.
Maar maak seker dat jy vrede in jou hart het wanneer jy gee.

**Bou jouself op!**

**Judas vers 20** *"Maar julle...moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid..."*
Die Lewende Bybel: *"Julle moet jul eie lewens opbou op die fondament van die ware geloof wat baie heilig is en julle moet bid met die krag wat die Heilige Gees gee."*

So lank as wat jy leef op aarde, sal jy 'n swakheid hê. Wat is dit? Dit is die liggaam waarin jy woon. Jou liggaam is onderwerp om eendag dood te gaan en jou liggaam is ook onderworpe aan die fisiese wêreld waarin jy leef.

Jou wedergebore gees wil nie sondig nie. Dit wil aan God gehoorsaam wees. Maar die swakheid van jou vlees word 'n prooi vir versoeking. Meen dit dat jy verdoem is tot 'n lewe van mislukking? Nee, beslis nie! Want jy kan jouself opbou om geestelik sterk en gesond te wees sodat God jou kan gebruik tot eer van Sy Naam.
Jou geestelike mens in jou moet jou vleeslike mens domineer. Onthou dit: Jou gees is sterker as jou liggaam.

Soos wat mense hulle liggame opbou in die Gimnasium:
Só kan jy jou gees opbou deur in die Gees te bid;
deur meer Bybel te lees; deur te sorg dat jy positief praat;
deur ander te bemoedig en vir hulle te bid;
deur 'n lewe te leef wat vol lof aan God is en nie te kla nie.

**Dit is 'n voorreg om te kan bid**
**1 Johannes 5:14,15** Die Boodskap: *"Ons kan heeltemal vry en vol selfvertroue met God praat. Immers, as een van ons vir God iets volgens Sy wil vra, kan ons maar weet: Hy luister! Wel, een ding is seker, dit is so goed of ons het wat ons van God vra."*

Dit is 'n wonderlike voorreg om te kan bid! Matt. 7:7 en 8 bly 'n pragtige belofte vir ons. God is gelukkig nie vêr weg van ons nie. Moet dus nie bid asof Hy onbereikbaar is nie. Hy is jou hemelse Vader en sal luister. Jes. 59:1 sê: *"Kyk, die hand van die Here is nie te kort om te help nie en Sy oor is nie te swaar (doof) om te hoor nie."*

Wanneer jy met God praat moet jy dit doen met selfvertroue, wetende dat Hy na jou luister, en dat Hy jou wil antwoord. Maak net altyd seker dat jy nie iets vra wat teen Sy wil is nie. Diep binne in jou sal jy weet wanneer jy volgens Sy wil bid. Luister dus baie duidelik na jou hart.

Jy mag bid vir jou eie behoeftes en begeertes, maar bid ook vir ander mense se nood. My ondervinding is dat wanneer ek vir ander mense gebid het, die Here ook vir my voorsien het.

Die wêreld bekende evangelis, Billy Graham, het gebid:
*"Lord help me to live from day to day. In such a self-forgetful way, that even when I kneel to pray, my prayer shall be for others."*

# God stel belang in jou

**Spreuke 5:21** *"'n Mens se lewe lê oop voor die Here, elke tree wat jy gee, sien Hy raak." (Die Boodskap: "Hy ken ons doen en late.")*

Ek wil met jou praat oor die persoonlike belangstelling wat God in elkeen van ons het. Die waarheid wat ons moet weet en van harte glo is dat God persoonlik belangstel in die doen en late van elke mens op aarde. Dit sluit jou, wat hier lees, ook in.

As ons dit weet sal dit ons versterk in die dae wanneer daar kwaai druk op ons kom. Al is God 'n groot God, wat Skepper is van die heelal, stel Hy belang in elkeen van ons. In Matt. 10:30 het Jesus gesê: *"En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel."* Jy moet nooit weer twyfel dat God nie in jou belangstel en nie weet van jou nie!

Jesus het die vrou raakgesien wat 18 jaar lank deur die duiwel gebind was en nie instaat was om regop te kom nie. (Lukas 13) Jesus het ook blinde Bartiméüs gesien en hom van blindheid genees. (Mark. 10) God is ook bewus van jou, ook van jou behoeftes en nood. Hy weet van jou siekte en het deur Jesus se wonde vir jou genesing gebring.

Miskien is jy op 'n plek soos Gideon wat gevoel het hy is die geringste in sy familie?
Terwyl God 'n kampioen gesien het in hom. God sien ook 'n kampioen in jou.
Hy het ons by ons naam geroep en ons is Syne!

## Hoe oorwin ons geestelike oorloë?

**2 Korintiërs 10:3** Die Boodskap: *"Natuurlik is ons net doodgewone mense, maar ons leef glad nie volgens die reëls van hierdie wêreld nie. Nee, ons is in 'n voltydse oorlog gewikkel om die goeie nuus uit te dra."*

In die Ou Testament vind ons beginsels wat ons vandag verseker kan toepas indien ons geestelike oorloë wil wen.
Ek verwys na in Deut. 20 waar Israel moes kennis neem van sekere beginsels wat hul moes onthou wanneer hulle oorlog maak, en wou wen.

Een van hierdie beginsel vind ons in Deut. 20:1,3: *"As jy na die oorlog uittrek teen jou vyand...dan moet jy nie vir hulle vrees nie; want die Here jou God is met jou...laat julle hart nie week word nie, wees nie bevrees en beangs en word nie verskrik vir hulle nie."*
Jy sal nie jou geestelike oorloë oorwin as jy vrees toelaat nie. Volgens 2 Tim. 1:7 het ons nie 'n gees van vrees nie maar van krag, iefde en selfbeheersing.

Indien jy wil oorwin, veg onder beskerming. (Lees vers 9) Dit is 'n baie groot fout om alleen te probeer veg. Kry ondersteuning van jou mede-gelowiges! En maak seker dat jy teen die werklike vyand veg. (v. 19,20)

Dank God vir 2 Kor. 14:4 (Die Boodskap)
*"Maar ons wapens is nie mensgemaakte wapens nie. Gelukkig nie! Ons staan in die Here se diens, daarom kry ons al ons wapens by Hom. Daarmee vernietig ons alles wat in die pad van die goeie nuus staan..."*

## ‘n Lewe van Geloof

**Josua 1:9** *"Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."*

Ons het baie moed nodig om ‘n lewe van geloof te leef. Meeste mense besef dit nie. Dit neem moed om op te staan in ‘n tyd van siekte en te verklaar dat deur Jesus se wonde daar genesing is. Dit neem moed om in voorspoed te glo terwyl jy swaar kry, en dan nog die bietjie wat jy het in die kerk se offermandjie te gooi.

Israel het gedink dat hulle oorloë verby sou wees die oomblik as hulle die Rooisee sou oorsteek. In die Beloofde Land moes hulle hoor daar is nog reuse om te oorwin. Dit het hulle moed gebreek. As gevolg daarvan moes hulle vir veertig jaar terug gaan in die woestyn, voordat hulle die land in besit kon neem. Maar weet jy wat? Toe die nuwe geslag die land moes in besit neem was die reuse nog daar, en eintlik het hulle meer geword. Hierdie keer het hulle ‘n lewe van geloof gekies en ons teks geglo! Iets wat ons ook moet kies, naamlik ‘n lewe van geloof.

(Die 24/7 Bybel) *"Maak ‘n persoonlike kaartjie, gerig aan jouself. Die woorde in hierdie kaartjie moet begin met jou naam, en dan volg Josua 1:9...met een verskil: Verander ‘moenie bang wees nie’ na ‘moenie bang wees nie vir...’ Vul soveel moontlike dinge in wat op die oomblik op jou van toepassing is."*

Tel jou kop op en maak jou gereed om jou “reuse” te verslaan.
As jy wil oorwin moet jy jou krag vind uit God se Woord.
Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, God is met jou!

## Is die beloftes in die Bybel ook vir my?

**2 Korintiërs 1:20** Die Lewende Bybel: *"Dit is Hy wat elke belofte van God waar maak, en omdat ons aan Hom behoort, kan ons op elke belofte van God 'amen' sê om God te eer."*

Ek verneem dat daar meer as 3000 beloftes in die Bybel is.
Was die meeste beloftes in die Bybel nie bedoel vir 'n volk soos Israel nie, of vir 'n spesifieke persoon?
My mening is dat die meeste beloftes in die Bybel ook vir my van toepassing kan wees.

Om een te noem: In Ex. 15:26 staan gerskrywe: *"Ek is die Here wat jou gesond maak."* Aanvanklik was hierdie belofte vir Israel toe hulle deur die woestyn getrek het op pad na hul beloofde land. Maar omdat Jesus deur Sy wonde vir ons genesing gebring het volgens Jes. 53:5, moet ons glo dat God nooit verander het nie, en dat Hy ook ons Here is wat ons gesond wil maak.

Ek hoop jy glo ook dat die seëninge wat uitgespreek word in Deut. 28:1-13 ook vir jou is, omdat ons lees in Gal. 3:13,14 dat die seën van Abraham (Deut. 28) na ons gekom het in Christus Jesus.

Dink weer aan al die beloftes wat jy van die Here ontvang het. Van hulle het jy in jou Bybel aangeteken met 'n datum daarby. Jes. 62:6 sê: *"o Julle wat die Here herinner aan Sy beloftes - moenie rus nie."*

**Wees bly in beproewing**

**Jakobus 1:2,3** *"My broers, julle moet bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard."*

Die Boodskap: *"My liewe mede-Christene, wees opgewonde as julle geloof by elke geleentheid getoets word. Julle weet mos hoe goed dit vir julle geestelike lewe kan wees. Die slegte dinge wat met julle gebeur, toets of julle werklik die Here vertrou. As dit met julle sleg gaan, leer julle juis om nader aan die Here te leef."*

Dit word aanvaar dat die brief van Jakobus die oudste brief is in die Nuwe Testament. Jakobus was Jesus se halwe broer, en die leier van die gemeente in Jerusalem. Hy het tot bekering gekom nadat Jesus opgestaan het uit die dood en aan hom verskyn het. Ons lees daarvan in 1 Kor. 15:7.

Jakobus verduidelik dat beproewing volharding bewerk en dat ons nie in sak-en-as sal gaan sit wanneer beproewing oor ons kom nie, maar ons nogtans verbly in die Here. Ons teks in Die Boodskap sê: *"...wees opgewonde as julle geloof by elke geleentheid getoets word. Julle weet mos hoe goed dit vir julle geesteike lewe kan wees..."* Kan 'n mens werklik "opgewonde" wees as jou geloof getoets word? Ja jy kan, maar nie in jou eie krag nie.

Wat maak jy as iemand jou motor geskraap het in die parkeer area? Jy koester nie moord gedagtes nie, maar loof God omdat jy weet Hy sal vir jou voorsien.
Slegte dinge wat jy ervaar, sal toets of jy die Here vertrou.

## Jou "Identiteit" in Christus

**2 Korintiërs 5:17** Die Boodskap: *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe mens hier!"*

Identiteit is wie jy is! As ek na jou ID nommer sou kyk sal ek dadelik weet wanneer jy gebore is. Ek sal dit kan sien op die eerste ses syfers wat op jou ID kaart is. Want jou ID kaart begin met jou jaar van geboorte, dan die maand, en daarna volg die dag. Die vier syfers daarna wat onder 5000 is, dui of dit vroulik is en syfers bó 5000 of dit manlik is. Om dit geestelik toe te pas: Die eerste wat almal moet kan sien as hulle met jou kontak maak, is dat jy uit God gebore is! Wedergeboorte is jou eerste identiteit. (Joh. 3:5)

Baie Christene ken nie hul Identiteit in Christus nie. Tog lees ons in die Bybel dat ons 'n nuwe identiteit in Christus gekry het en dat Hy ons nuut en fris gemaak het!
'The Amplified Bible' sê: *"Therefore if any person is (ingrafted) in Christ, the Messiah, he is (a new creature altogether) a new creation; the old (previous moral and spiritual condition) has passed away. Behold, the fresh and new has come."*

Jy is 'n nuwe menslike spesie wat nog nie voorheen bestaan het nie. Daarom is jy uniek. Daar was nog nooit, en sal nooit iemand wees soos jy nie. Vir God is jy baie spesiaal.
Aanvaar jou identiteit in Christus.
Lees Psalm 139 om te verstaan hoe God jou gemaak het!

**Die woorde wat ons praat**

**Spreuke 12:18** Die Lewende Bybel: *"Daar is mense wat nie omgee om ander mense seer te maak met die dinge wat hulle sê nie - hulle woorde is soos messteke. Maar verstandige mense se woorde kan ander kalmeer en troos."*

Die woorde wat ons praat kan voorwaar seermaak of genesing bring in iemand se hart. Dink mooi voordat jy jou mond oopmaak om te praat: Is dit wat ek nou gaan sê nodig? Is dit belangrik? Is dit die waarheid? Is dit bemoedigend? Laat nooit toe dat jou woorde soos messteke sal wees nie. As jou woorde eers uit is sal dit wees soos 'n kussing vol vere wat jy in die wind uitgeskut het. Daar is geen manier waarop jy die woorde wat jy gespreek het kan terug kry nie - net so min as wat jy die vere weer in die hande kan kry. Weet dat 'n "Jammer" sal nie altyd werk nie.

Het jy al gehoor dat daar van die kansel af gesê was dat jy moet profeteer oor mense? Dit klink so ingewikkeld. Maar weet jy wat dit eintlik beteken? Die beste antwoord op hierdie vraag vind ons in 1 Kor. 14:3, naamlik: *"Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging."*

Toets dus wat uit jou mond kom. Indien jy mense stig, troos en bemoedig - dan is jy eintlik besig om te profeteer. Moenie om te profeteer te moeilik vir jouself maak nie.

Mag die woorde wat jy praat almal om jou seën en kalmeer.
Onthou dat daar is lewe en dood in jou mond! (Spr. 18:21)
Vra die Here om 'n wag voor jou mond te plaas.

**God se gebooie is nie swaar nie**

**1 Johannes 5:3** *"Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar; en Sy gebooie is nie swaar nie."*

Die Boodskap: *"Om God lief te hê beteken om Sy opdragte ernstig op te neem en uit te voer. Wat Hy van ons verwag, is nie moeilik om te doen nie."*

Ek wil met jou gesels oor die gedagte dat God se gebooie (opdragte) nie swaar is nie. Maar eers moet ons daarop let dat die boodskap in ons vers gaan ook daaroor dat ons God se gebooie moet doen en dat dit nie vir ons 'n las moet wees nie. Indien ons God werklik liefhet sal dit makliker wees om te doen wat Hy van ons vra. Hierdie beginsel werk ook tussen ons as mens. Jy doen makliker iets vir iemand as jy daardie persoon liefhet.

Wat so wonderlik van die Here is, word uitgespel in Fil. 2:13 (Die Lewende Bybel vertaling) *"Want dit is God wat in julle werk - Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen."*
Het jy gehoor? God sal in jou hart werk om iets te doen en dan gee Hy jou nogal die krag om dit te doen!

Moenie een oomblik glo dat God se dinge swaar is nie.
Volgens Matt. 11:30 is Sy juk sag en Sy laste lig.
Die siele-vyand se laste is swaar!

## Waarom het God ons gesalf?

**Lukas 4:18** *"Die Gees van die die Here is op My, omdat Hy My* ***gesalf*** *het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat vebryseld van hart is, te genees..."*

Hierdie Skrifgedeelte het Jesus oor Homself uitgeroep, maar ek is oortuig dat jy en ek dit ook oor onsself kan uitroep. Hoekom kan ek dit sê? Omdat daar 'n rede is waarom God ons gesalf het met die Heilige Gees. Nie net vir 'n bonatuurlike ondervinding nie, maar om diensbaar te wees vir ons hemelse Vader. Jy is gesalf indien jy die getuienis het dat die Heilige Gees ook op jou is en in jou werk.

God het ons geroep om die blye boodskap te verkondig aan die wat arm is, maar ook aan hulle wat geestelik arm en gebroke is. 'Die Boodskap' vertaal ons teks met die volgende woorde: *"Hy het my aangestel om die goeie nuus te bring vir daardie mense op wie almal neersien...God het my gestuur om vir die gevangenes (hulle wat voel dat hulle veroordeel is) te sê dat hulle vonnis vir altyd verby is...om almal wat verdruk word te kom bevry...God se bonusjaar is om stukkende mense se lewe heel te maak....."* Wat 'n wonderlike opdrag wat die Here aan ons gee. Voorwaar 'n boodskap van hoop!

Kom ons loof die Here vir Romeine 8:1.
*"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie..."*
*"Goeie nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort."* (Die Boodskap)

**Jy is wat God sê jy is!**

**1 Johannes 4:4** *"Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is."*

Hoe jy altyd voel of wat ander mense van jou sê of dink, is nie die belangrikste nie. Die belangrikste is wat God sê jy is! Hy sê dat jy uit Hom gebore is; dat jy meer as oorwinnaar is en dat die Heilige Gees wat in jou is baie groter is as enige ander gees wat daar mag wees.

In Fil. 4:13 staan geskrywe: *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."* 'The Amplified' Bybel vertaal dit soos volg: *"I have strength for all things in Christ Who empowers me [I am ready for anything and equal to anything through Him Who infuses inner strength into me; I am self-sufficient in Christ's sufficiency]."* Glo dit met jou hele hart en leef daarvolgens, want jy is wat God sê jy is.

Dr. Myles Munroe het gesê: "The people who change the world are people who have taken "impossible" out of their dictionaries. Whenever God gives you responsibility, He will also give you the ability to meet that responsibility."

Plante verloor hul lewe as hul uit die grond gehaal word.
Visse verloor hul lewe as hulle uit die water gehaal word.
Die mens verloor sy doel as hy nie verbind bly aan God nie!
Jou verhouding met God is dus nie opsioneel nie, maar lewens noodsaaklik.

## Jy is deel van Christus se liggaam

**1 Korinthiërs 12:18,27** *"Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het...julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik."*
Die Lewende Bybel: *"Wat ek vir julle wil verduidelik, is dit: julle almal saam is die liggaam van Christus en elkeen van julle is 'n liggaamsdeel."*

In Ef. 4:16 (Die Lewende Bybel) staan geskrywe: *"Die kerk is Sy liggaam en die hele liggaam is van Hom afhanklik. Die dele van die liggaam is aan mekaar verbind en vorm 'n eenheid omdat elke liggaamsdeel sy werk doen en die ander liggaamsdele help. So groei die liggaam deur die medewerking van al die liggaamsdele, en daar is liefde onder mekaar."* 'The Living Bible' vertaal dit met: *"Under His direction the whole body is fitted together perfectly, and each part in its own special way helps the other parts so that the whole body is healthy and growing and full of love."*
In dié teks is dit duidelik dat indien ons eenheid, groei en liefde in ons gemeente wil sien, sal elkeen sy deel moet bydra waarvoor die Here hom of haar geroep het.

Weet jy dat God jou 'n spesiale plek gegee het in jou gemeente? Ek hoop jy het dit alreeds ontdek? Gaan meld jou dan aan by jou leiers om opgelei te word sodat jy jou taak meer effektief kan doen.

Elke lidmaat van die gemeente is ewe belangrik.
Daarom moet ons waak dat niemand sal ly aan verwerping nie.
Wat dra jy by tot geestelike groei in jou gemeente?

**Het jy 'n berg wat verskuif moet word?**

**Markus 11:22,23** *"Jesus sê toe vir hulle: 'Julle moet geloof in God hê!' Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: 'Lig jou op en val in die see' en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo wat hy sê gebeur, vir hom sal dit gebeur."*

Geloof kan berge verskuif. Ek het gehoor iemand praat van "Mountain moving Faith". Geloof is nie altyd iets wat jy kan sien nie. Maar as jy waarlik glo sal jy verseker sien. Ons lees in Heb. 11:1 (L/B) *"Wat beteken dit om op God te vertrou? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is."*

Weet dat geloof soms 'n proses het. Soos wat die priesters die Verbondsark gedra het, eers hul voete in die Jordaan se water moes steek voordat die water gekloof was, net so moet ons ook baie keer eers in die geloof 'n tree vorentoe gee.

Soos wat die dienaars heen en weer moes loop om die kanne vol water te dra by die bruilof te Kana (Joh. 2) net so moet ons soms deur 'n proses van vertroue gaan voordat ons die deurbraak ondervind. Die dienaars het aangehou water aandra totdat die kanne vol was en Jesus die water wyn gemaak het!

Jy het nie "'n groot geloof" nodig om 'n berg te skuif nie.
Jou "klein geloof" in 'n groot God is meer as wat jy nodig het.
As jy glo moet jy nooit enige twyfel in jou hart toelaat nie.

## Glo in voorspoed!

**Spreuke 13:21,22** *"Mense wat die Here verwerp se lewe is hel. Gelowiges ervaar intense geluk en voorspoed. Iemand wat verstandig met sy geld werk se kleinkinders sal nog eendag daarvan erf. Selfs goddeloses se geld beland dikwels in die hande van gelowiges."* (Die Boodskap)

Die duiwel wil ons keer om in voorspoed te glo. Baie gelowiges se gedagtes is vas gevang met 'n slawe mentaliteit. Geen wonder dat Paulus ons aanmoedig om te sorg dat ons denke vernuwe moet word nie. Rom. 12:2 *"...word verander deur die vernuwing van julle gemoed."*

God wil jou voorspoedig maak in jou gesondheid. Natuurlik moet jyself kyk dat jy reg eet en voldoende oefening kry vir jou liggaam. Hy wil jou ook voorspoed gee in jou finansies, maar een waarheid wat jy moet ontdek is om te kan gee.
1 Kor. 9:6-11 is duidelik hieroor. Daar lees ons dat God lief is vir 'n blymoedige gewer. Lees hoe treffend stel die Amplified Bybel dit in 1 Kor. 9:7.

Die Here begeer dat jy voorspoedig sal wees in jou studies, daarom kan jy wysheid van Hom bid. (Jak. 1:5) God wil jou voorspoedig maak in jou besigheid. Die voorwaarde is egter om God te vertrou en te ken in alles. Soek die Here altyd eerste (Matt. 6:33) en moenie Hom uitlaat in enige beplanning wat jy aanpak nie.

Glo in voorspoed en spreek dit uit oor jouself en jou dierbares. Jy is nie gemaak om 'n verloorder te wees nie, maar 'n wenner. Gesels meer met voorspoedige mense - dit is nogal aansteeklik!

## Jy het baie potensiaal

**Genesis 1:26,28** *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld… En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die kruipende diere wat op die aarde kruip."*

Hierdie Skrifgedeelte is een van die belangrikstes dele wat ons vind in die hele Bybel. Hier maak God baie sterk verklarings rakende ons as mens. Volgens hierdie verklaring het jy en ek die potensiaal om te heers en 'n wenner te wees, asook om 'n vrugbare lewe te leef en om te produseer.

As ons praat van potensiaal, dan praat ons van sluimerende moontlikheid, ongebruikte sukses, gereserveerde (verborge) krag asook verborge talent. Jy sien, potensiaal is alles wat jy kan wees maar nog nie geword het nie. Alles wat jy kan doen maar nog nie bereik het nie. Dit is hoe vêr jy kan uitstrek, maar nog nie geraak het nie. Ja, dit is jou vermoë wat nog nie blootgestel is nie. Ons moet nooit vergeet dat onmoontlike dinge moontlik gemaak kan word! (Markus 9:23)

'n Skrif wat jy hardop moet kan sê is Fil. 4:13:
*"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*
The Amplified Bible: *"I am ready for anything and equal to anything through Him Who infuses inner strength into me."*

# Die Naam van Jesus

**Johannes 14:13,14** *"En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."*

Die verklaring wat Jesus maak in ons teks is so belangrik dat Hy dit tweekeer herhaal.
Ek het iets ontdek toe ek hierdie teks ook gelees het in die 'Amplified Bible' vertaling: *"And I will do [I Myself will grant] whatever you ask in My Name [as presenting all that I AM], so that the Father may be glorified and extolled in (through) the Son."*

In Jesus se Naam is meer as om net jou gebed mee af te sluit. Wat my getref het was die woorde *"...as presenting all that I AM..."* Alles wat God is en doen word ingesluit in die Naam van Jesus. Jy kan dus met groot vrymoedigheid verwag dat, wat jy is die Naam van Jesus vra, sal jy ontvang.

Ons lees dat toe Moses by die brandende bos God gevra het wat Sy Naam is, het God hom geantwoord met "EK IS WAT EK IS." Ons lees daarvan in Ex. 3. Alles wat God is vind ons in Sy Naam! Onthou dit wanneer jy weer bid in die Naam van Jesus.

God wat alles gemaak het is ook in staat om die onmoontlike te vermag. Jesus sê in Mark. 9:23: *"Wat dit betref - as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo."*
Ek glo Jesus sê dit ook vandag vir jou.

**God se vergifnis is volkome**

**2 Korinthiërs 5:21** *"Christus het nie een enkele sonde gedoen nie. Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."* (Die Lewende Bybel)

Indien ek sê dat God ons volkome vergewe, dan meen ek nie dat ons nooit weer sonde kan doen nie. Ons lees in 1 Joh. 3:9: *"Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat Sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore."* Ek sou dit vertaal met: "Hy wil nie sondig nie, omdat hy uit God gebore is."
Die Lewende Bybel sê: *"As God vir iemand die nuwe geboorte gegee het, sal hy nie aanhou om sonde te doen nie, want God se lewe is nou in hom."*
'The Amplified Bible' stel dit soos volg: *"No one born of God [deliberately, knowingly, and habitually] practices sin, for God's nature abides in him..."*

God vergewe nie alleen ons sonde nie, maar Hy verwyder dit van ons so vêr as die Ooste is van die Weste. (Ps. 103:12)
Dit meen dat ons nooit weer, ons sondes wat vergewe is, sal sien nie. Volgens Miga 7:19 het God al ons sondes in die dieptes van die see gewerp. Geen wonder dat Johannes die doper Jesus soos volg aangekondig het in Joh. 1:29: *"Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"*
Jy het reg gelees: Jesus vergewe nie net ons sondes nie, maar Hy neem dit weg!

Ek weet nie hoe sien jy jouself as kind van God nie?
Die Here sien jou dat jou vergeefde sondes weggeneem is.
Hy sien jou asof jy nog nooit sonde gedoen het nie!
Dit is ware vergifnis!

## Vertroue op die Here

**Hebreërs 10:35,36** Die Boodskap: *"Moet dus nie toelaat dat daar 'n krakie in julle vertroue op God kom nie. Wie op God bly vertrou, sal 'n groot beloning by Hom kry. Julle moet tot elke prys vasbyt. As julle so aanhou om te doen wat God wil hê, sal Hy sorg dat julle kry wat Hy vir julle beloof het."*

Vertroue maak die deur oop en geduld hou die deur oop, totdat die voorsiening opdaag. Geloof en vertroue is 'n tweeling.
In Heb. 11:1 lees ons: *"Die geloof dan is, 'n vaste vetroue op die dinge wat ons hoop..."* Miskien moes ek gesê het dat geloof, vertroue en hoop 'n drieling is, omdat hulle as 'n eenheid saamwerk.

Ons het nie 'n magtige geloof nodig om dinge te vermag nie, want as ons geloof het soos 'n mosterdsaad (en dit is baie klein) kan ons berge verskuif. (Luk. 17:6)
Ek hou nogal van Spr. 3:5,6 in Die Lewende Bybel: *"Vertrou geheel en al op die Here en moenie op jou eie insig staatmaak nie. Hou Hom in gedagte by elke ding wat jy doen, dan sal Hy sorg dat jou lewe reg verloop."*

Indien jy begeer dat jou geloof en vertroue moet groei, dan is dit nodig dat jy na God se stem sal luister. Hoe praat die Here met ons en hoe sal ek Sy stem hoor? Dit gebeur as jy die Bybel lees en aandag gee wat jy lees. So eenvoudig soos dit.

As jy met jou hele hart op God vertrou wag daar 'n beloning. Moenie dat daar 'n krakie in jou vertroue teenoor God kom nie. Bly vertrou met geduld en God sal sorg dat jy ontvang wat Hy vir jou wil gee.

## Is jou motiewe reg wanneer jy bid?

**Jakobus 4:3** Die Boodskap: *"Hoekom vra julle nie 'n slag opreg vir God nie? Julle sê dalk: 'Ja, ons bid tog, maar God gee nie vir ons wat ons vra nie.' Daar is 'n goeie rede voor: julle motiewe is verkeerd. Julle vra die goed van God sodat julle dit soos stout kinders net vir julleself kan hê. Dit gaan net om julleself en om niemand anders nie."*

Motiewe speel 'n groot rol in ons lewe, want dit gee ons die rede waarom ons iets doen. Daar is baie dinge wat 'n struikelblok kan wees waarom ons gebedes nie beantwoord word nie. Een van die uitstaande redes waarom ons gebedes nie beantwoord word nie is wanneer ons met 'n verkeerde motief die Here iets sou vra. Ons almal is tog oop en bloot voor die Here en by Hom is niks verborge nie.

Dit is nie altyd nodig om die regte woorde te gebruik as ons bid nie, maar dit is nodig om in opregtheid te bid. Opregte mense sal deur die Here ontmoet word.

God is die hoorder en antwoorder van gebed. Hy sluimer of slaap nooit en Sy oor is nie doof om ons te hoor wanneer ons tot Hom bid nie. Toets altyd jou motiewe voordat jy Hom iets vra. Indien jou motief is om te sorg dat Hy altyd die eer in jou lewe sal ontvang, kan jy met vrymoedigheid van Hom vra wat jy nodig het.

Moenie dink jy sal God ooit teveel vra wat jy nodig het nie.
Hy is in elk geval meer as gewillig om vir jou uitkoms te gee.
Toets net altyd jou hart se opregtheid voor die Here!

**Wat bring vervulling?**

**1 Korinthiërs 12:4-6** "Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk."

Let op die woorde *"daar is verskeidenheid van bedieninge"* terwyl Die Lewende Bybel praat van *"verskillende geestelike bekwaamhede"*. Hierdie is iets wat jy van die Here ontvang het. Die probleem is baie het nog nie hul werklike doel in die lewe ontdek nie.

As ek jou sou vra wat is jou "bediening" of "bekwaamheid" wat jy van die Here ontvang het, wat sal jou antwoord wees? Indien dit jou "bediening" is om vir siekes te bid kon ek jou ook gevra het watter "werk" geniet jy om vir die Here te doen? Antwoord jouself op hierdie vraag.

Om iets in opdrag van die Here te doen, sal aan jou vervulling bring. Ek verstaan waarom Paulus die volgende geskryf het aan Timótheüs: *"...verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening."* (2 Tim. 4:2,5)

Niks sal jou vervulling gee as dit wat in jou hart brand nie. Maak net baie seker wat jou passie in jou hart is, en doen dit. As jy doen wat jou hart sê, sal jy meer vervulling ervaar!

## Waarom Bedieninge?

**Efesiërs 4:13** God het leiers gegee om ons toe te rus:
*"...totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus."*

Gemeente-leiers se hooftaak is om die lidmaat toe te rus om meer effektief te wees in hul bediening (of roeping) waarvoor die Here hom/haar geroep het.
My eerste vraag is: Wat moet my bediening doen vir myself? My "bediening" moet my help om Jesus beter te leer ken, en my ook help om geestelik te groei na volwassenheid asook aan my vervulling gee. Indien dit nie die geval is nie, moet ek seker maak of ek in die regte bediening staan.

Nog 'n ander belangrike vraag is: Wat moet my bediening vir die gemeente beteken? Dit wat ek doen moet bydra dat daar in my gemeente eenheid, liefde asook groei sal wees. So verstaan ek dit volgens Ef. 4:16. Toets jouself of jy hierin slaag.

Ek het gesien hoe "bedieninge" 'n gemeente in Bloemfontein geestelik asook in getalle laat groei het. Aanvanklik was hulle maar 300 lidmate. Vir vyf Sondae het ek geleer oor bedieninge en hoe elkeen sy/haar bediening moes ontdek. In 'n kort tyd het hierdie gemeente gegroei na een van die grootstes in die land. Regoor die wêreld sien ons dat gemeentes wat werklik groei is gemeentes wat hul lidmate help om in hul regte bediening te kom, hulle dan toerus en gebruik.

Ek weet nie waarvoor die Here jou geroep het nie?
Maar ek weet dat elke kind van God geroep is vir 'n taak.
Meld jouself aan om toegerus en gebruik te word!

## Beklee jouself met liefde

**Kolossense 3:14** Die Boodskap: *"Tussen die klere wat God vir julle gegee het, is daar 'n kledingstuk wat alles perfek afrond. Jy moet dit altyd en oral dra. Hierdie kledingstuk is die liefde. As julle mekaar liefhet, leef julle presies soos God dit wil hê. Liefde hou julle naby mekaar soos julle veronderstel is om te wees."*

Klere is daar om die naaktheid van ons liggame toe te maak, maar dit is ook daar om ons mooi te laat lyk en warm te maak. Net so is die Here se liefde. Ons moet dit "aantrek" om ons geestelike "naaktheid" te bedek en ook om "mooi te lyk" vir Christus.

Volgens Die Lewende Bybel se vertaling van 1 Kor. 13:4-7 beteken liefde om geduldig en vriendelik te wees; om goeie dinge vir ander mense te gun; om nie onmanierlik te wees nie; om nie boek te hou van die onreg wat ander mense teen jou doen nie; om nooit oor verkeerde dinge gelukkig te wees nie; om stil te bly oor ander se foute; om net die beste dinge van ander mense te glo en nooit op te hou om ander lief te hê nie.

Toets jou eie lewe met al hierdie eienskappe in 1 Kor. 13:4-7. Maak seker dat jy "beklee" is met God se liefde, soos ons teks dit stel. *"..daar is 'n kledingstuk wat alles perfek afrond...Hierdie kleidingstuk is die liefde."*

## Wat maak ons met slegte tyding?

**Psalm 112:1,7** *"Welgeluksalig is die man wat die Here vrees (wat respek vir God het)...Hy vrees nie vir slegte tyding nie; sy hart is gerus, vol vertroue op die Here."*

Hierdie teks het groot waarde vir my gehad, die dag toe my broer my gebel het om te vertel dat ons vader skielik gesterf het aan 'n bloedklont in die hart. Die skok was groot maar die vrede wat die Here gegee het, was wonderlik.

Dit is tragies vandag dat die meeste mense wag totdat slegte tyding kom voordat hulle gryp na 'n geestelik anker waaraan hulle kan vashou. Ons moet geanker wees aan God se woord indien ons nie wil toelaat dat vrees ons oorweldig nie. Ek glo daar is net een manier om geanker te word in God se woord en dit is om jou Bybel gereeld te lees.

Dit sal jou nie veel help as jy besef 'n inbreker is in jou huis en net daar besluit jy moet jouself fiks kry sodat jy die inbreker kan oorweldig. As jy meer dikwels die gimnasium besoek het as wat jy voor die televisie gesit het, sou dinge anders vir jou uitgewerk het.

Wees gereed voordat die siele-vyand jou onverwags aanval.
Skakel dinge uit wat jou tyd steel om te bid en Bybel te lees.
Dank God Hy jou nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie.
(Lees 2 Tim. 1:7)

## Al kry ons soms swaar

**Romeine 5:3** Die Boodskap: *"Al kry ons nou baie swaar, vat dit glad nie ons blydskap weg nie. Allesbehalwe. Ons weet mos dat swaarkry ons vorm en slyp om nog meer op God te vertrou."*

John Ruskin het gesê: "Die grootste loon wat 'n mens kan ontvang vir jou swaarkry, is nie wat jy daaruit *kry* nie, maar wat jy daaruit *word*."
Moenie ophou probeer omdat dinge vir jou te moeilik geraak het nie. Daar is 'n groter potensiaal in jou om nog hoër hoogtes te bereik.

'n Slegte ondervinding het jou laat twyfel aan die vermoë in jouself en jy is onseker oor baie dinge in jou lewe. Bring alles in gesprek voor die Here, en glo ons teks: *"Ons weet mos dat swaarkry ons vorm en slyp om nog meer op God te vertrou."*

As daar iemand was wat weet wat dit is om swaar te kry, dan is dit Paulus. Hy skryf in 2 Kor. 4:8,9: *"Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit mismoedig nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nie radeloos nie...Ek word onderstebo geloop, maar ek staan elke keer weer op."* (Die Boodskap)

Al voel jy onder druk, dink weer mooi voordat jy wil tou opgooi. Neem Ex. 14:14 as 'n belofte: *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."*
Iemand het gesê: "Be patient with me, I am not perfect. God is not finished with me yet."

# Praat baie oor die Here

**Maleagi 3:16** Die Boodskap: *"Toe het die mense wat die Here baie liefhet, met mekaar oor die Here begin praat. Die Here het baie mooi na hulle geluister. Dit het Sy hart geraak. Hy het seker gemaak dat hulle name in Sy persoonlike dagboek opgeteken word sodat Hy nooit van hulle vergeet nie."*

Wanneer ons as God se kinders met mekaar praat oor die die Here en Sy sake, neem Hy kennis daarvan. God neem nie net kennis dat ons van Hom praat nie, Hy maak 'n persoonlike nota daarvan in Sy dagboek, sodat Hy dit nooit sal vergeet nie! Dit is iets wonderliks om te weet.

Jy sien, hoe liewer jy iemand het hoe meer praat jy met hom of haar, en hoe meer praat jy ook van die persoon. Net so gaan dit met die Here. Hoe liewer jy Hom het hoe meer sal jy met Hom wil praat asook van Hom praat.
Paulus het dit eenmaal as volg gestel in 2 Kor. 5:14: *"Want die liefde van Christus dring ons..."*
Oorspronklik word bedoel dat die liefde van Christus ons geen ander opsie gee nie. Dit veroorsaak 'n dringendheid in ons om te praat met en van die Here. Waarvan die hart vol is sal die mond mos oorloop.

Is jy iemand wat God vrees? Wat groot respek vir Hom het? Maak dan 'n punt daarvan om met Hom en van Hom te praat. As jy dink aan al Sy goedheid, kan jy mos nooit stilbly nie.

## God is ‘n groot God

**Jesaja 40:25,26** Die Boodskap: *"Die groot God vra: Wie is daar met wie julle My kan vergelyk? Wie is daar wat net soos Ek is? Kyk op na die sterre in die lug. Hy wat hulle gemaak het, laat hulle almal in die aand uitkom. Hy ken elkeen van hulle se naam. Met Sy groot krag sorg Hy dat nie een van hulle wegraak nie."*

Ons teks gee ons ‘n idee dat ons ‘n groot God dien. Geen pen sal God se grootheid kan beskrywe nie, daarom sal ek waag om dit te doen nie. Wat God groot maak is dat Hy nie boekhou van ons sondes nie. Rom. 4:8 (D/B): *"Gelukkig is elkeen van wie se sondes God nie langer boekhou nie."*

Nog ‘n wonderlike eienskap van die groot God wat ons dien is dat Hy sal bly omgee vir jou en my. Deut. 7:9 (D/B): *"Onthou altyd dat die Here jóú God is. Hy is getrou...Hy sal tot in die verste geslag vir mense bly omgee wat aan Hom getrou is."*

Die koorvers van die lied *"How big is God?"* bly vir my baie treffend, met woorde soos:
"How big is God? How big and wide is His domain?
To try to tell these lips can only start
He's big enough to rule this mighty universe
Yet small enough to live within my heart."

Glo dat die groot God wat ons dien enige land kan red.
Al is God groot, kan Hy woon in ons deur Sy Heilige Gees!
Jou groot God wat jy dien is instaat om jou dag vir dag te dra.

# Hoe praat God met ons?

**Romeine 8:16** *"Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is."*

Het jy soms 'n probleem om die Here se stem te hoor? Jy soek leiding deur met aandag jou Bybel te lees en ernstig te bid, tog bly jy onseker oor wat jy moet doen.
God kan op verskillende maniere met jou praat, selfs deur die natuur. Maar hoofsaaklik praat Hy met ons deur die Bybel, Sy woord, en deur Sy Gees. In eenvoudige en praktiese taal sal ek die volgende sê van ons teks: "Die Gees praat saam met ons gees..."

Die Heilige Gees wat saam met jou gees getuig dat jy God se kind is, gee jou die antwoord wat jy nodig het. 1 Joh. 2:27 stel dit soos volg: *"Wat julle egter betref, die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie..."*
Dit beteken nie dat jy nie raad mag vra by mense nie. Maar omdat die Heilige Gees in jou werk, sal jy duidelik hoor wanneer God met jou praat. The Living Bible vertaal hierdie teks met: *"You don't need anybody to teach you what is right."*

Raak stil in jou gees en vertrou dat jy God se stem sal hoor.
Hy stel belang dat jy die regte besluite moet neem.
Ps. 37:5: *"Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg."*

**Neem nooit 'n besluit as jy nie vrede het nie**

**Kolossense 3:15** Die Lewende Bybel: *"Die vrede wat Christus ons gee, moet in julle harte die skeidsregter wees as julle oor iets twyfel..."*

The Amplified Bible: *"And let the peace (soul harmony which comes) from Christ rule (act as umpire continually) in your hearts [deciding and settling with finality all questions that arise in your minds..."*

Die woordeboek verklaar dat vrede 'n toestand van rus en kalmte in ons gemoed is. Ons leef in 'n tyd waar ons soms onder druk geplaas word om haastig 'n besluit te neem. Jy moenie toelaat dat druk jou dwing om 'n besluit te neem nie, want gewoonlik is haastige besluite nie die beste besluite nie.

Volgens ons teks word vrede vergelyk met 'n skeidsregter. Ons weet dat 'n skeidregter die fluitjie blaas en dat sy beslissing finaal is. Net só is dit met God se vrede. Indien jy nie ware vrede in jou hart het nie moet jy nie 'n besluit neem oor enige saak nie.

Besluite kan ons nie vermy nie want dit is deel van ons lewe. Miskien moet jy vandag 'n belangrike besluit in jou lewe neem? Maak dan net seker dat die Here se vrede in jou hart is.

**Krag, liefde en selfbeheersing**

**2 Timoteus 1:7** *"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."*

Met al die druk van 'n gemeente het Timoteus se ywer begin afneem. Dit is daarom dat Paulus hom aanmoedig met woorde soos wat ons lees in vers 6: *"Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas."*

Dit is ook wat jy en ek moet doen, naamlik om dit wat in ons is aan te wakker. "Blaas" die krag aan wat jy ontvang het, sodat die vlam in jou sterker sal brand.
Die 'The Amplified' Bybel vertaal ons teks met hierdie woorde: *"That is why I would remind you to stir up (rekindle the embers of, fan the flame of, and keep burning) the gracious gift of God, [the inner fire]..."*
Wakker ook die liefde aan wat in jou hart uitgestort is en die selfbeheersing wat jou sal help om staande te bly teen dié dinge wat jou geestelik wil uitput.

Dank God vir Sy Gees wat Hy aan jou gegee het!
Die Heilige Gees wil jou as 'n dapper held gebruik.
Jou deel is om dit wat jy ontvang het aan te wakker in jou.

## Woorde kan ons toekoms bepaal

**Matthéüs 12:37** *"Want uit jou woorde sal jy geregverdig (vrygespreek) word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word."*
Die Boodskap: *"Immers, op grond van wat jy sê, sal God besluit of jou saak met Hom reg is of nie."*

Indien jy wil uitvind wat in iemand se hart is, kry hom/haar sovêr om met jou te praat. Want waarvan die hart vol is sal die mond oorloop. Kom daar lelike dinge uit weet jy dit is hoe dié persoon aan die binnekant is. Andersom is ook die waarheid. Een ding is seker en dit is dat ons woorde ons toekoms kan bepaal.

'n Baie bekende Skrifgedeelte rakende ons mond is Spr. 18:21: *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*
Daarom is dit belangrik om te let op wat ons praat, want deur jou mond kan jy baie skade doen en deur jou mond kan mooi dinge na vore kom.
Jesus se broer, Jakobus, het in Jak. 2:3 geskryf: *"...As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou."*

Elkeen van ons is verantwoordelik vir wat uit ons mond kom.
Salomo het 'n groot waarheid geskryf in Spr. 13:3:
*"Wie sy mond nie kan hou nie gaan sy ondergang tegemoet."*

## Dankbaarheid

**Kolossense 3:17** *"En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."*

Daar gebeur daagliks baie dinge wat nie altyd aangenaam is nie, hoe kan ons dan nog dankbaar wees? Jy kan omdat daar geskrywe staan: *"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk..."* (Rom. 8:28) Dankbaarheid is 'n eienskap wat bekommernis oorwin. Dankbaarheid het 'n reisgenoot by name tevredenheid wat hy altyd saam met hom neem.

Die Boodskap se vertaling van ons teks is: *"...Julle lewe moet een dankie vir God wees. En dit kan alleen so wees as julle alles doen asof Jesus elke tree saam met julle gee."* Dankbaarheid het baie voordele. Dit het fisiese, verstandelike en emosionele voordele. Almal behoort dit deel van hulle daaglikse lewe te maak, want dit sal jou gesondheid verbeter, en jou ook help om probleme te hanteer en jou help in jou verhoudings.

2 Thes. 5:18 *"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus oor julle."* Kyk weer mooi na die woorde in hierdie Skrif. Hier staan geskrywe "in alles" en nie "vir alles" nie.

Tel weer al jou seëninge, dan sal jy besef God is goed.
Mag jou hart oorloop van dankbaarheid teenoor die Here.
Jou lewe moet een groot dankie vir onse God wees.

# Berge kan verskuif word

**Markus 11:23** *"Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: Lig jou op en val in die see, en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê gebeur, vir hom sal dit gebeur. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees."*

Jy moet nie net praat oor jou "berg" van probleme nie, jy moet jou "berg" persoonlik aanspreek, soos wat Jesus ons geleer het in hierdie Skrifgedeelte. Neem kennis van die woorde in ons teks: *"Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het..."* Ware geloof is om op te tree asof jy dit reeds ontvang het.

Wanneer jy 'n belofte in die Bybel kry, kan jy gerus ook lees wat voor en daarna geskrywe staan. In hierdie gedeelte sal jy sien dat geloof en vergifnis aan mekaar verbind is. Baie meen dat hulle die berg kan verskuif deur net te glo. Maar wat jy ook moet weet is dat jy moet kan vergewe wanneer jy voor jou probleem staan, sodat jou hemelse Vader die probleem kan verwyder. Indien ons nie kan vergewe nie sal ons nie oorwinnings verkry oor ons probleme nie.

Het jy 'n probleem so groot soos 'n berg, wat voor jou staan? Staan vas in die geloof en spreek jou berg aan in die Naam van die Here. Onthou dit: Geen probleem is te groot vir God om te hanteer nie!

## Waardeer die Heilige Gees

**Psalm 51:12,13** *"Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. Verwerp my nie van U aangesig nie en neem U Heilige Gees nie van my weg nie."*

Nadat Dawid gesondig het, bid hy om genade by God. In hierdie Psalm vra hy baie dinge van die Here. Maar niks is so treffend as juis hierdie gebed dat God hom tog nie sal verwerp, en die Heilige Gees van hom sal wegneem nie. Dawid kon homself nie sien sonder die Heilige Gees nie.

Omdat die Heilige Gees baie sensitief is, moet ons toesien dat ons Hom nie sal bedroef en teleurstel nie. Jy vra my: Hoe bedroef ons die Heilige Gees? Die antwoord hierop vind ons in Ef. 4:25-30. Ons bedroef Hom deur 'n lewe van leuens, indien woede ons leefwyse word, as ons dinge neem wat nie aan ons behoort nie, ook as ons 'n gewoonte daarvan maak om vuil taal te praat, en verseker deur bitterheid.

Moenie dinge wat die Heilige Gees bedroef toelaat nie.
As jy met 'n gebroke hart na God kom, sal Hy jou help. (v. 19)
Die Here vergeef menigvuldig want Sy genade is groter as enige oortreding.

## Liefde verdryf alle vrees

**1 Johannes 4:18** Die Boodskap: *"Ware, egte liefde verdryf eenvoudig alle vrees. Iemand wat dus nog sulke vrees in hom ronddra, se lewe is nog nie heeltemal deurdrenk met God se liefde nie..."*

Wanneer angs en vrees oor jou wil kom, moet jy weet dat die meeste dinge wat ons vrees nooit sal gebeur nie, en weet ook by dit alles dat ware liefde alle vrees uitdryf.

Volgens Rom. 5:5 het die Heilige Gees God se liefde uitgestort in ons harte. Alles mag vergaan maar nooit sal liefde vergaan nie. (1 Kor. 13:8) Die Boodskap vertaal vers 8 met: *"Liefde is nie iets wat 'n mens kan opgebruik en dan sê dis klaar nie."*

Hoe meer ons liefde toelaat in ons lewens hoe meer sal alle vrese wat ons het verdwyn. Moet nooit probeer vrees veg met vrees nie. As iemand lelik is met jou oorlaai hulle met al die liefde wat jy kan gee. Om ware (volkome) liefde te hê sal veroorsaak dat jy nie die verkeerde sal onthou om mense terug te kry nie.

Bekommernis oor siekte en finansies, bring vrees in ons harte.
Moenie dit toelaat nie - maar laat God se liefde jou lewe vul.
God se liefde word volmaak in ons as ons mekaar liefhet.

# **Laat die Woord ryklik in jou woon**

**Kolossense 3:16** *"Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid."*
Die Lewende Bybel: *"Maak plek in julle harte waar die woord van Christus met al sy rykdom kan woon."*
Die Boodskap: *"Jesus se boodskap moet in julle lewe wees wat 'n bouplan vir 'n bouer is."*

In ons land sien ons nie eintlik mense wat Bybellees in die publiek nie. Ons voel miskien dat dit iets privaats is? In die Ukraine het ek gesien dat jongmense asook ouer mense in die trein en by 'n busstop Bybel gelees het. Dit kan wees omdat hulle vir sewentig jaar onder Kommunistiese regering was waar hulle nie toegelaat was om 'n Bybel te besit nie? Vandag het dié mense 'n ongekende honger na God se woord.

Ons het verskillende vertalings van die Bybel op ons foon. Daar is dus geen verskoning om nie die Bybel te lees nie. Die beste manier om God se woord in jou te kry is om jou Bybel te lees en daar is verskillende maniere om dit te doen. Wat ek graag doen is om met 'n hoofstuk te begin en net aan te hou lees totdat 'n teks persoonlik met my praat. Besluit self hoe jy jou Bybel wil lees, en probeer om die teks wat met jou gepraat het te onthou. Later sal jy weer daardie teks nodig kry.

God se woord is voorwaar voeding vir ons siele.
Die Bybel is 'n lig voor jou voete en jou kompas.
Daarin sal jy vandag se antwoord kry.

**Jesus se gebed vir die wat nog moet glo**

**Johannes 17:20,21** Die Lewende Bybel: *"Dit is nie net vir hulle (My dissipels) wat Ek bid nie, maar ook vir almal wat in die toekoms hulle boodskap sal hoor en in My sal glo. Vader, Ek bid dat hulle almal een sal wees, aan mekaar verbind net soos U aan My verbind is en Ek aan U. Laat hulle ook aan Ons verbind wees sodat die ongelowige mense kan glo dat dit U is wat My gestuur het."*

In Johannes 17 vind ons een van die belangrikste gebedes wat Jesus ooit gebid het. Hy het ook gebid vir hulle wat nog moet glo in Hom en Sy werk aan die kruis.
Jesus bid veral vir die eenheid tussen hulle wat in Hom glo.
*"...sodat die ongelowige mense kan glo dat dit U is wat My gestuur het."*
Die Boodskap vertaal vers 21 soos volg: *"As die mense in hierdie wêreld sien hoe die gelowiges saamstaan en saamwerk, sal hulle oë daarvoor begin oopgaan dat U My na hulle gestuur het."* Ongelowiges sal glo as ons kan saamstaan en saamwerk.

Ons opdrag is om so te leef dat die wêreld sal sien dat ons Sy dissipels is, soos Jesus dit gestel het in Joh. 13:35: *"Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."*

Jesus het klaar gebid. Ons deel is om ons mede-gelowiges opreg lief te hê. Dan sal hulle wat nog nie glo nie weet dat die Vader Jesus gestuur het.
Ware liefde sal meer mense red as magtige kerk programme.

## Wees oor niks besorg nie

**Filippense 4:6** *"Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."*

Bekommernis en stres is een van die dodelikste wapens van die siele-vyand. Baie hospitale is oorvol van mense wat daar gekom het weens bekommernis en stres.
*"'n Lewe sonder vrese, bekommernis en angs is onmoontlik. Daar is gereeld dinge wat gebeur wat hierdie emosies in jou wakker maak. Jy kan dit los en toelaat dat dit jou lewe oorneem, óf jy kan, sodra dit binne-in jou begin groei, vir die Here daarvan vertel en dit by Hom los. Hy belowe 'n vrede wat jy nie sal kan verklaar nie. Vrede omdat jy weet dat Hy in beheer is en jou lewe in Sy hand vashou."* (Die 24/7 Bybel)

Dikwels kom daar druk, selfs van jou familie, wat jou 'n baie bekommerde mens maak. Soms moet ons niks doen nie en niks sê nie, en alles net in God se hande los. Ek dink aan die liedjie wat ons voorheen gesing het: *"Let go and let God have His wonderful way."*
Dit is 'n goeie ding om net alles in die Here se hande te los. Baie keer wil ons die Here probeer help, en maak eintlik 'n groot gemors van alles.

*"Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer."* (Ps. 37:5)
Die Boodskap: *"Stel jou lewe elke dag in die Here se hand. Vertrou op Hom. Hy sal vir jou sorg. Hy sal jou op die regte pad hou."* (v.5,6)

**"Wat buig jy jou neer, o my siel?"**

**Psalm 42:6:** *"Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof - die verlossing van my aangesig en my God!"*

Treffend! Hierdie woorde herhaal die Psalmdigter in vers 12 asook weer in Psalm 43:5. Dit is duidelik dat hy 'n dors na God gehad het. (Ps. 42:3) As daar ooit 'n tyd was vir ons as volk om 'n dors na God te hê, dan is dit in hierdie tyd. Dinge wat ons moet dryf na God is die geweldige droogte, die korrupsie, die gewapende roof, die baie moorde, die verkragting van vroue en dogtertjies en die baie egskeidings. Praat nie eers van die baie siektes en ellendes wat mense tref nie en die afvalligheid in die kerk.

In al hierdie dinge sien ek 'n magtige geestelike herlewing wat God wil stuur. Ek sê dit want ek glo dat hierdie jaar gaan 'n "Deurbraak Jaar" vir ons land wees!
Kry jouself gereed met 'n dors na God soos nog nooit tevore nie, en praat met jouself soos wat hierdie Psalmdigter met homself gepraat het.
Praat met jouself en sê: *"Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof - die verlossing van my aangesig en my God!"*

Om jou meer aan God te wy kos 'n besluit wat jy moet neem.
Wakker jou dors aan om met verwagtig jou Bybel te lees.
Moedig jouself aan om altyd op God jou hoop te stel!

## Standvastigheid

**Jakobus 1:2,3** Die Lewende Bybel: *"Broers, as die moeilikhede van alle kante af op julle toesak, moet julle bly wees daaroor. Julle het al geleer dat dit julle standvastig maak as julle geloof op hierdie manier getoets word en julle die toets slaag."*

Indien jy jou uitdagings kan gebruik om Standvastigheid en geduld te ontwikkel, het jy baie bereik. Onthou dat geduld en standvastigheid beteken nie om tevrede te wees met die tweede beste nie. Dit beteken ook nie om rustig te raak as die duiwel waag om jou gesin aan te val nie.

Standvastigheid is 'n kragtige woord in die Bybel, en in Engels beteken dit: "to be consistently constant or to be the same way all the time, regardless of what happens." God is 'n God wat standvastig is. Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde. Deur die krag van die Heilige Gees (wat werksaam is in jou) kan jy ook konstant optree ten spyte van watter uitdagings oor jou kom. Maar dan moet jy jou vertroue ten volle plaas in die Woord van God.

Wees altyd standvastig, onbeweeglik en oorvloedig in alles.
Wat jy ookal vir die Here doen sal nooit tevergeefs wees nie.
God is 'n beloner vir elkeen wat Hom onverskrokke vertrou.

**Jy is nog steeds God se kind**

**Lukas 15:18,19** Die verlore seun het gesê: *"Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor U, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van U huurlinge."*

Die verhaal van die verlore seun in Lukas 15 is een van die treffendse verhale in die Bybel. Dit gaan oor die vader wat twee seuns gehad het. Die jongste het sy erfporsie geneem en die wêreld ingevaar, om 'n losbandige lewe te leef. Nadat hy al sy geld verkwis het vind ons hom waar hy op 'n plaas varke oppas en selfs van die varke se kos begeer om te eet vir oorlewing.

Gelukkig het hy tot homself gekom en besluit om uit sy elende op te staan en terug te gaan na sy vader se huis. Sy oorwinning het gekom toe hy vir homself kon sê: *"Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor U..."* Sy fout was egter dat hy homself gesien het as 'n huurling en as 'n slaaf. Al het hy 'n baie verkeerde lewe geleef het, het hy die vader se seun gebly.

Die vader het hom ontvang as sy seun, daarom kon die vader uitroep in verse 23,24: *"...laat ons eet en vrolik wees. Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind."*

Miskien voel jy verlore en verwerp, en dat alles teen jou gedraai het? Hou op om jouself aan te hou beskuldig, want God het alles volbring.
Soos die verlore seun is jy nog steeds God se seun (of dogter)

## Die mag wat ons het in ons tong

**Spreuke 18:21** *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*

Salomo sskryf ook verder oor ons tong: Spr. 13:3 (L/B) *"Wie sy mond nie kan hou nie gaan sy ondergang tegemoed."*
Spr. 15:1 *"'n Sagte antwoord laat woede bedaar; 'n krenkende woord ('n woord wat seer maak) laat woede ontvlam."*
Spr. 16:24 *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek; soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."* Spr. 17:27 *"Wie sy woorde inhou, besit kennis..."*

Jesus het gesê in Matt. 12:34,37: *"...uit die oorvloed van die hart praat die mond...uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word."*
Die Boodskap vertaal dit met: *"Uit wat julle sê, verraai julle julleself...Immers, op grond van wat jy sê, sal God besluit of jou saak met Hom reg is of nie."*

Ons moet leer om reg te praat, want jy kan dood spreek of lewe spreek. Wees dus versigtig wat jy toelaat om uit jou mond te kom. Ek dink aan 'n jong boer wat aan my gesê het dat hy glo hy sal nie baie ouer word as veertig nie. Sy pa was maar 39 toe hy dood is en sy oupa 41. Hulle albei het gesterf aan 'n hartaanval. Met vrees op sy gesig het hy vertel dat hy al 39 was! Ek het Ef. 6:2,3 aan hom verduidelik. (Hierdie boer het nog jare geleef!) As jy jou ouers eer en respekteer sal jy lank kan leef. Hou ook op om te praat van 'n familie kwaal!

Jou oorwinning lê in jou mond! Let dus op wat jy sê!
Soos wat jy suiker uitskakel - doen dieselfde met wat jy praat.
Spreek seën oor jouself, jou familie, vriende en jou omgewing.

**Daar is baie krag in jou gebed**

**Jakobus 5:16** *"Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*

Die Boodskap: *"God luister graag na mense wie se saak met Hom reg is."*

Die Lewende Bybel: *"Die gebed van iemand wat in die regte verhouding tot God leef, het 'n kragtige uitwerking."*

Ons ken seker almal die Skrifgedeelte in Matt. 18:19? Dit is die deel waar Jesus ons leer dat daar krag in gebed is wanneer twee mense sou saamstem.
Maar ek wil jou vandag daarop wys dat op die gebed van een man en een vrou, sal God gewillig wees om kragtige dinge te laat gebeur. Hier dink ek aan Elia wat na drie jaar van groot droogte, alleen gebid het dat dit moet reën, en die Here het hom gehoor en reën gegee. (1 Kon. 18) Ons land het baie reën nodig - jou gebed kan 'n verskil maak!

Op oujaarsdag van 1973 was ek per vliegtuig oppad van Johannesburg na Kaapstad. Net meer as 'n halfuur van Johannesburg was daar groot probleme en al die tekens was dat ons vliegtuig dit nie sou maak nie. Op 'n stadium het ek by die venster uitgekyk om te sien dat die aarde nie onder ons was nie, maar aan die bokant van die vliegtuig! Passasiers het geskreeu en van die lugwaardinne kon nie op hulle voete bly staan nie. Uit benoudheid het ek tot God geroep dat Hy ons sou spaar. (Daar was seker ander ook wat dit gedoen het?) God het gehoor en ons het uiteindelik veilig geland. Loof die Here!

Ons soek miljoene om te bid vir die nood in ons land, en dit is wonderlik. Maar jou persoonlike gebed het genoeg krag om groot dinge te vermag.
God sal jou verseker hoor, indien jy in die regte verhouding met Hom staan.

**Hou moed!**

**Johannes 16:33** *"Dit sê Ek vir julle, sodat julle julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."*

Jesus het nooit belowe dat jy 'n sorgvrye reis na jou ewige woning sal ondervind nie. Wat Hy gesê het is dat jy moeilike tye sal hê in hierdie wêreld. Wat Hy wel belowe het, is 'n veilige aankoms. Miskien vra jy jouself: Hoekom moet probleme altyd my adres hê? Waarom tref dit my elke keer? Probleme sal maar altyd 'n deel van ons lewe wees. Maar neem kennis dat probleme nie die laaste sê het nie. Jesus het die wêreld en al sy probleme klaar oorwin. (Die 24/7 Bybel)

Baie meen as hulle net die een teks na die ander noem teenoor hul "berg" of selfs teenoor die duiwel sal hul probleme opgelos word. Nee, dit kos meer as dit. Gebruik wel God se woord elke keer as jy voor 'n probleem staan. Maar wanneer jy voor jou "berge van probleme" staan (soos wat ons lees in Mark. 11:23) moet jy sorg dat jou posisie in Christus reg is voordat jy jou berg sou aanspreek.

Jy moet glo dat jy 'n nuwe skepsel is in Jesus soos wat ons lees in 2 Kor. 5:17. Jy moet ook kan glo dat as Jesus na jou kyk sien Hy jou soos iemand wat nie meer sonde het nie. Ons lees daarvan in 2 Kor. 5:21. Glo ook dat jy nie 'n bedelaar is nie maar God se geseënde, en dat jy verlos is deur Sy bloed en verseël is met die Heilige Gees! Ef. 1:3,7,13

Daar is vandag niks wat te moeilik is vir God om te hanteer nie.
Hy bly die waarmaker van elke belofte in die Bybel.
Jy is verseker God se oogappel! (Sag. 2:8)

## Wat wil God graag by ons sien?

**Jesaja 66:2** Die Lewende Bybel: *"Alles wat bestaan, het Ek self gemaak en daarom is dit reeds alles myne. Maar wat Ek graag by mense wil sien is dat hulle hulle sonde erken en nederig sal wees, en vir My woord groot ontsag sal hê."*

God het, soos wat in ons teks staan, alles gemaak en daarom behoort alles aan Hom. Dit sluit dus jou en my ook in.
Daar is drie dinge wat God graag by ons wil sien, en dit is die volgende: Dat ons altyd bereid sal wees om te erken as ons verkeerd gedoen het. Asook dat ons nooit hoogmoedig sal word nie en dat ons respek vir Sy woord sal hê.

Kom ons maak soos die Bybel ons leer in 2 Kor. 13:5: *"Ondersoek julself of julle in die geloof is..."* En sou ons agterkom dat ons iets verkeerd gedoen het, moet ons bereid wees om dit dadelik te erken en te bely. Daar staan duidelik geskrywe in Spreuke 28:13: *"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind."* Onthou dat enige mens wat hoogmoedig is se val naby is.

Die derde saak in ons teks is dat ons respek sal hê vir God se woord. Ek sal weet dat iemand respek daarvoor sal hê wanneer ek sien hoe hulle hul Bybel hanteer.

God wil nie net sien dat ons die Bybel mooi hanteer nie.
Maar wat geskryf is in die Bybel moet ons glo en aanvaar.
As bewys dat ons dit glo moet ons doen wat daarin staan.

**Fokus meer op wat jy nie kan sien nie**

**2 Korinthiërs 4:18** *"...ons let nie op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."*

Die Lewende Bybel: *"...ek konsentreer nie op die omstandighede wat ek nou om my sien nie, want hulle gaan verby. My aandag is gevestig op die dinge wat vir altyd sal bly, al kan ons hulle nou nog nie sien nie."*

Ons is meer geneig om te let op dit wat ons kan sien, terwyl dit nie die belangrikste dinge in die lewe is nie. Natuurlik is wat ons sien ook belangrik, maar ons fokus moet nie net daarop wees nie. Vir daardie rede moet ons denke gedurig vernuwe word, sodat ons meer die "onsigbare" dinge, wat werklik saak maak, in gedagte sal hou.

Daar is gedurig 'n stryd tussen die mens se vlees en die mens se gees. Die een staan teenoor die ander dat ons soms moet hard werk om God te behaag.
In Die Lewende Bybel het ek hierdie teks gevind: *"As 'n mens jou lewe inrig volgens jou menslike geaardheid, dan word jy oorheers deur jou eie begeertes. Maar as 'n mens jou lewe inrig soos die Heilige Gees dit wil hê, dan word 'n mens oorheers deur die dinge wat vir die Gees belangrik is."*

Maak tyd om weer Romeine 8 met aandag deur te lees.
Voed jou gees sodat jy innerlik sterk en gesond sal wees.
Gee meer aandag aan dié dinge wat vir altyd sal bly.

## Wanneer dit "middernag" om jou word

**Handelinge 16:25** *"En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenis het na hulle geluister."*

Geestelike "storms" en "donker dae" kan jy nie vermy nie, maar wat moet jy maak wanneer dit oor jou kom? Moenie in sak-en-as gaan sit en jouself jammer kry en verwyt nie.
Maak wat Paulus en Silas in Filippi se tronk gedoen het deur lofliedere tot eer van God te sing!

Omdat Paulus en Silas die regte gesindheid geopenbaar het, het hul lofprysing nie net hul eie traliedeure oopgemaak nie, maar ook dié van die ander gevangenis. Indien ons gesindheid, soos hierdie twee manne s'n kan wees, sal mense om ons ook bevry word.

Die volgende dag het die regters polisie na die tronk gestuur en beveel dat Paulus en Silas vrygelaat moes word. Paulus was nie hiervoor te vinde nie. Lees wat sy antwoord was in vers 37.
Die polisie moes hulle voor die publiek uitlei. Met dit het God vir Paulus en Silas meer as oorwinnaars gemaak! (Rom. 8:37)

Jy sal jou "middernag" oorwin as jou gesindheid reg is.
Losprysing aan God sal elke keer vir jou 'n deurbraak gee.
Moenie "onder" die omstandighede wees nie, wees "bo" dit!

**Daar is 'n wonderwerk in jou mond!**

**Markus 11:24** Die Boodskap: *"Daarom sê Ek vir julle: as julle van God iets vra, moet julle ook nie wonder of julle dit gaan kry nie. Julle moet so op God vertrou dat dit vir julle eintlik moet voel of julle dit al klaar gekry het, en God sal dit vir julle gee."*

Daar is 'n wonderwerk in jou mond, en volgens hierdie teks sal jy kry wat jy bid. Maar dan moet jy nie praat soos die wêreld nie, maar praat soos God. Jy sal soos God praat as jy praat wat in die Bybel geskrywe staan.

Jy moet weet dat die meeste wat met jou gebeur het is die produk van wat jy gesê het. Indien jy dit wil verander moet jy let wat uit jou mond kom. Dit sal jou lewe in 'n nuwe rigting stuur - van dood tot lewe, siekte tot gesondheid, mislukking tot sukses.

Geen wonder dat Dawid eenkeer gebid het in Psalm 141:3: *"Here, stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe."*

As jy verkeerd praat, vra die Here om jou te vergewe.
Hou op twyfel en vertrou God asof jy dit reeds ontvang het.
Jy moet glo dat daar 'n wonderwerk in jou mond is!

**Vrede in ons harte**

**Kolossense 3:15** Die Lewende Bybel: *"Die vrede wat Christus ons gee, moet in julle harte die skeidsregter wees as julle oor iets twyfel, want God het julle geroep om een liggaam te wees wat in vrede lewe."*

Is jy besig om te bid dat die Here jou sal lei in 'n ernstige besluit wat jy moet neem? Laat die vrede wat Christus gee jou gids wees. Laat toe dat Sy vrede jou help om te weet wat die regte ding is om te doen.

Die Heilige Gees se leiding in jou lewe moet jy fyn dophou. Ons noem dit ook die innerlike getuienis deur God se Gees. Jy moet rustig te raak sodat jy kan luister. Want dit sal moeilik wees om die leiding deur Sy Gees te ontvang as daar stres en spanning in jou lewe sou wees.

Neem tyd en lees Psalm 95. In die eerste sewe verse is die skrywer besig om met God te praat, en ook om God se lof te besing. (Vers 6) Dan is dit God se beurt. God aanvaar die lof maar dan praat Hy ook oor dié dinge wat ons nie altyd wil hoor nie. Luister tog, want baie keer is dit wat vrede bring, juis as jy luister en doen wat die Here sê.

Psalm 95 leer ons dat gebedstyd nie net praattyd is nie.
Dit is soms nodig dat ons sal ophou praat en 'n slag sal luister.
Mag jy God se vrede op 'n wonderlike wyse ervaar.

## Die pad van vrede

**Jeremia 6:16** Die Lewende Bybel: *"Die Here sê ook: As julle by 'n kruispad kom, gaan staan eers en kyk. Watter pad die mense vantevore gebruik het, maar kies dan die beste pad en gaan daar langs. Dan sal julle in vrede kan lewe."*
Die Boodskap: *"Die Here sê: As julle by 'n plek kom waar julle belangrike besluite moet neem, moenie oorhaastig wees nie. Wag 'n bietjie en kyk eers wat mense vroeër gedoen het. Doen dan wat die beste is. Julle sal dan weet dat julle die regte ding gedoen het."*

Die lewe is besluite! In Engels: *"Life is decisions."*
Dit is 'n groot waarheid. Neem kennis dat ons teks sê dat as ons op 'n plek kom waar ons 'n belangrike besluit moet neem, moet ons nie oorhaastig wees om dit te doen nie. Wag eers en kyk wat mense voor jou gedoen het, en leer van hulle. Dit sal jou tyd gee om dan jou eie besluit te neem. Wat ek wel geleer het was dat gewoonlik is die eerste besluit die beste.

Die hoofdoel van besluite is dat ons in vrede kan lewe. Sou jy 'n besluit geneem het en jy het nie vrede nie, vra die Here vergifnis en vertrou Hom om jou weer 'n kans te gee dat jou volgende besluit 'n beter een sal wees, sodat jy vrede in jou hart sal hê.

Het jy op 'n kruispad gekom waar jy 'n besluit moet neem?
God se Gees is in jou om jou te help in jou besluit.
Moenie 'n besluit neem as daar nie vrede in jou hart is nie.

## Die Evangelie

**Romeine 1:16** *"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo..."*

Die woord "Evangelie" beteken "Goeie Nuus" en soos Alan Platt dit gestel het: *"Goeie nuus is net goeie nuus as dit goeie nuus is!"* (Kry gerus sy boek: "Dit is Volbring")
In ons teks roep Paulus in oorwinning uit dat hy nie skaam is oor die evangelie van Christus nie: *"...want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo."*
Die Boodskap vertaal ons teks met: *"God se groot krag is aan die werk op elke plek waar hierdie boodskap verkondig word. Hy red elkeen wat dit glo..."*

Indien ons skaam is vir die evangelie, deur dit nie oor te dra aan ander nie en dit nie te verdedig nie, sal ons uitvind dat Jesus Christus Hom ook vir ons sal skaam. (Mark. 8:38)

Die "Goeie Nuus" is dat daar, volgens Rom. 8:1, geen veroordeling is vir die wat in Christus Jesus is nie. Dat ons geseënd is in Christus. (Ef. 1:3) Dat ons ook meer as oorwinnaars is. (Rom. 8:37) Dat wanneer Jesus ons vrygemaak het, ons waarlik vry is, soos wat ons lees in Joh. 8:36. Bó alles dat ons nuwe skepsels is – al die ou dinge het verbygegaan en alles het nuut geword! (2 Kor. 5:17)

Voorwaar, "Die Evangelie" is 'n blye boodskap en "Goeie Nuus"
Wees dus vandag dié een wat goeie nuus aan ander sal oordra.
Vertel vir iemand wat God al vir jou persoonlik gedoen het.

# Ons is klei in die Pottebakker se hand

**Romeine 9:20** Die Boodskap: *"Hoor hier, wie dink jy is jy dat jy met God stry en Hom terugantwoord? Jy is maar net soos 'n stuk klei in die pottebakker se hand. Hoe kan jy vir Hom wat jou gemaak het, sê: Waarom het U my so gemaak?"*

Die mens is merkwaardig deur God gemaak. Lees gerus weer met aandag Psalm 139. Tog vind ons dat daar tye kom dat mense in opstand kom teenoor God wat hulle gemaak het. Hulle hou nie van die kleur van hulle hare nie, of hul ore wat te groot is. En so kan ons 'n lang lys byvoeg van waarmee mense ongelukkig is.

Baie blameer God oor die "verkeerde" werk en blyplek waar hulle hulself bevind, asof dit die Here se skuld is. Persoonlik is ek van mening dat die meeste laste wat ons dra, ons as mens self op ons gelaai het.

Jy het seker al gehoor van die uitdrukking dat iemand kla met 'n brood onder sy arm? Vergenoegdheid is nie iets waarmee ons gebore word nie, maar dit is iets wat ons moet aanleer. Paulus skryf daaroor in Fil. 4:11 wanneer hy sê: *"...ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is."*

Dank God ons is in die hand van die Ware Pottebakker.
Niemand sal ons uit Sy hand kan ruk nie. (Joh. 10:27,28)
Wees sagte klei in God se hand, sodat jy nie sal breek nie!

## Sleutels van Sy koninkryk

**Matthéüs 16:19** *"En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees."*

Natuurlik was dié belofte oorspronklik aan Petrus gegee, maar ek is van mening dat hierdie belofte van *"die sleutels van die koninkryk"* is van toepassing op ons vandag!
Ons almal soek antwoorde en oplossings rakende die probleme wat ons ondervind. Maar baie keer voel alles net buite bereik – asof dit agter 'n deur is wat toegesluit is.

Neem kennis: God se woord het 'n sleutel tot redding van jou huisgesin; tot genesing vir enige siekte wat tans jou of jou mense teister; daar is sleutels wat jou finansieële deure sal oopsluit; wat huwelike kan herstel; wat verbittering in 'n gesin kan verander tot groot blydskap. Daar is geen situasie te donker en ingewikkeld dat daar nie 'n sleutel is wat God kan voorsien nie. 'n Sleutel wat aan jou oorwinning sal gee. Delf dus dieper in die Bybel totdat jy 'n sleutel ('n Antwoord) kry vir jou omstandighede.

Jesus het aan ons sleutels gegee wat enige deur kan oopsluit. Die Here het al die sleutels wat jy vandag nodig het – glo dit. Wonderlik! Dit pas op elke deur wat daar mag wees!

**God sal jou beloon volgens jou motiewe**

**Jeremia 17:10** Die Boodskap: *"Maar Ek is die Here, Ek weet! Ek ondersoek 'n mens se hart en gedagtes. Ek weet wat elkeen se motiewe is. Ek kyk na wat elkeen gedoen het en dan betaal Ek hulle wat hulle behoort te kry."*

Die Woordeboek sê dat die woord "motiewe" die "dryfveer" in ons is om dinge te doen. Ek het altyd moed vir enige persoon (al sou hy foute maak) as ek besef dat hy opregte motiewe het. Wat motiveer jou om dinge te doen? Die Bybel leer selfs dat of ons eet of drink, moet ons alles doen tot verheerliking van God.

Wat Paulus gemotiveer het in sy lewe was die liefde vir Christus. Daarom kon hy skryf in 2 Kor. 4:14: *"Want die liefde van Christus dring ons..."* Kan jy dit ook verklaar?

Ons lees in Die Boodskap, Spr. 3:21,22: *"...daar is twee dinge waarsonder jy in hierdie lewe nie kan klaarkom nie. Een is 'n begeerte om reg te leef. Die ander is om te weet hoe om reg te praat en te doen. Dié twee sal jou gelukkig maak. Hulle sal jou lewe versier."* Voorwaar: My motief moet wees om reg te leef en reg te praat.

Mag ons teks jou motiveer om opreg te leef!
Want God sê: *"Ek weet wat elkeen se motiewe is.*
*Ek kyk na wat elkeen gedoen het*
*en dan betaal Ek hulle wat hulle behoort te kry."*

**Hardloop met al die krag wat jy het!**

**Hebreërs 12:1,2** Die Lewende Bybel: *"Ons is soos atlete wat op die atletiekbaan hardloop in die wedloop wat God vir ons bepaal het. Al hierdie mense wat voor ons geleef het en op God vertrou het, is soos die skare toeskouers wat langs die baan staan om ons aan te spoor. Laat ons dan ontslae raak van enigiets wat ons op die baan kan hinder, veral die sonde wat aan ons vasklou, en laat ons met al ons krag hardloop."*

Geen atleet hardloop met baie klere en groot stewels nie. Moet nie op jou geestelike baan probeer hardloop met "laste" nie! Praat nie eers van sonde wat ons geestelike entoesiasme sal demp nie.

In die tyd toe hierdie teks geskryf was, het atlete ontslae geraak van hul klere en net 'n linnedoek om hul heupe gedra, sodat niks hul sou verhinder om met oorgawe te hardloop nie. Hulle het ook olie oor hul liggame gesmeer. Ons moet ontslae raak van laste wat ons kan terughou en die Here vra vir vars hemelse olie! (Ps. 92:11)

Waar ons teks praat van: *"Laat ons dan ontslae raak van enigiets (laste) wat ons op die baan kan verhinder..."* Praat 'The Message' van: *"No extra spiritual fat..."* en 'The Amplified' Bybel van: *"unnecessary weight"*

Maak seker wat hinder jou geestelik en raak ontslae daarvan.
Besluit om opnuut met al die krag wat jy het te hardloop.
Hou jou oë op Jesus, die Leidsman en Voleinder van jou geloof.

# Die blydskap in die Here

**Johannes 15:11** *"Dit het Ek vir julle gesê, dat My blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word."*
The Amplified: *"I have told you these things, that My joy and delight may be in you, and that your joy and gladness may be of full measure and complete and overflowing."*

Die blydskap wat die Here gee is blydskap wat in ons bly en daar is die moontlikheid dat dit kan groei na iets wat Jesus self noem "volkome blydskap"
Die Boodskap vertaal ons teks soos volg: *"Weet julle hoekom sê Ek al hierdie dinge vir julle? Ek wil hê julle moet dieselfde vreugde en genot hê as Ek. Daar moet geen einde aan wees nie."* God se doel is dat Sy blydskap iets blywends in ons sal wees.

In Nehemia 8 lees ons dat Israel baie bedroef geword het, nadat hulle na God se wette geluister het. In vers 10 lees ons dat die hele volk gehuil het, seker omdat hulle skuldig gevoel het oor hul toestand. In vers 11 bemoedig Nehemia hulle met hierdie woorde: *"Gaan, eet lekker spys en drink soet dranke en stuur porsies aan hulle vir wie niks berei is nie; want hierdie dag is heilig aan onse Here. Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die Here – dit is julle beskutting."* Dit is ook wat Sy blydskap vir jou is!

Voorwaar die blydskap in die Here is soos 'n muur om ons, wat ons beskut.
Sy blydskap is ook 'n deel van die vrug van die Heilige Gees. (Gal. 5:22)
Onthou dit: Blydskap is die beste medikasie vir depressie!

## Weet jy waarvoor jy moet bid?

**Markus 10:51** *"En Jesus antwoord en sê vir Bartiméüs: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabboni, dat ek mag sien."*

Hoeveel behoeftes het Bartiméüs gehad? Hy was nie net blind nie maar hy was ook 'n bedelaar, en dus het hy ook ook ander behoeftes gehad. Tog, toe Jesus hom vra wat hy nodig het, was sy antwoord baie duidelik *"Rabboni, dat ek mag sien."*

Baie keer bid ons in sirkels. Een rede vir dié probleem is omdat ons nie spesifiek bid nie. Jy mag maar met groot vrymoedigheid tot God bid, want Hy is 'n waarmaker van Sy woord. Vandag wil ek jou aanmoedig om openlik en doelgerig te bid. Noem jou versoek by die naam wetende dat jou hemelse Vader na jou wil luister en dat Hy jou wil help.

Wanneer jy bid moet jy in die geloof bid, sonder om te twyfel. Jak. 1:6,7 *"...want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie..."*

Wees seker waaroor jy wil bid en dat jy in geloof bid.
Geloof in jou hart sal vrede gee dat jy volgens God se wil bid.
God sal jou verhoor as jy iets vra volgens Sy wil.

**Dissiplineer jouself om 'n "Gewer" te wees**

**Lukas 6:38** *"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

Die Lewende Bybel: *"Gee vir ander mense, dan sal God vir julle ook gee. Hy sal dit vir julle gee soos iets wat 'n mens in 'n houer uitmeet, maar dit sal soveel wees dat dit sal oorloop al word dit ingedruk en gelyk geskud. Want met die soort maat waarmee julle vir ander iets uitmeet, sal God ook vir julle uitmeet."*

Een van die duidelikste Skrifgedeeltes in die Bybel oor gee is in 2 Kor. 9:6,7: *"Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai. Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."* Die woorde *"Saai en Maai"* wat hier gebruik word is om te *"Gee en Ontvang"*

Die Engelse teks in 2 Kor. 9:7 lees: *"So let each one give as he purposed in his heart, not grudgingly or of necessity, for God loves a <u>cheerful</u> giver"*

Die Griekse woord wat hier vir *"cheerful"* gebruik w*ord, is "hilaros" en beteken"hilarious and joyful giver, whose heart is in his giving"* Dissiplineer jouself om so'n gewer te wees!

Ek het my seuns geleer: "If you have a need, sow a seed."
Om te gee, sal jou finansiële probleme oplos.
Ons het meer oorwinnings in ons finansies bereik deur te gee as net te bid.

# Wil jy voorspoedig wees?

**2 Kronieke 26:5** *"En hy (Ussia) het God gedurig gesoek in die dae van Sagaria, wat onderrig gegee het in die vrees van God. En in die dae dat hy die Here gesoek het, het God hom voorspoedig gemaak."*

Ussia was maar 16 jaar oud toe hy koning van Judah geword het, en het 52 jaar in Jerusalem geregeer. Ussia was voorspoedig toe hy God gesoek het en God het hom gehelp teen sy vyande. Vanaf verse 11-15 lees ons dat hy 'n geweldige groot leërmag gehad het van meer as driehonderdduisend wat met volle krag oorlog kon voer teen die vyand. Ons lees ook dat hy baie vee gehad het en dat hy 'n uitstekende boer was.

Daar was ongelukkig 'n "maar" in sy lewe! Vers 16: *"Maar toe hy sterk geword het, was sy hart hoogmoedig..."* Sy probleem was dat hy 'n priester se werk wou doen om offerrook te laat opgaan in die tempel. As gevolg daarvan het Ussia melaats geword. Moenie dinge doen wat die Here nie gesê het jy moet doen nie. Gehoorsaam net Sy stem.

Besluit om God gedurig te soek – deur Sy wil na te jaag.
Soek ook altyd Sy koninkryk en Sy wil vir jou lewe.
Dit sal verseker dat die Here jou voorspoedig sal maak.

# Beheer jou mond en tong

**Spreuke 21:23** *"Hy wat sy mond en sy tong bewaar, bewaar sy siel van benoudhede."*

The Message: *"Watch your words and hold your tongue; you'll save yourself a lot of grief."*

Jou mond en tong speel 'n groot rol in jou lewe. Indien jy dit nie kan beheer nie, sal jy baie smarte en skande oor jou bring. Wil jy geseend wees? Sorg dan dat jou woorde 'n fondasie het in God se woord. Praat wat geskrywe staan in die Bybel.

Jakobus was baie praktiese. Hy het geleer watter rol die tong speel. Ons lees daarvan in Jak. 3:2: *"Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou."* Jy kan verseker jou liggaam in toom hou as jy reg praat!

Spreuke 12:13 (Die Boodskap) *"'n Ongelowige praat hom maklik vas. Sy eie woorde is soos 'n net wat hom vasvang. 'n Gelowige se woorde red hom uit moeilike situasies."*

Wees dus stadiger om te praat en weeg jou woorde.
Verkeerde woorde 'glip' so maklik uit en doen baie skade.
Vra die Here om 'n wag voor jou mond te plaas!

# Neem jou Posisie in

**2 Kronieke 20:17** *"Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle. Moenie vrees nie, ...moenie bang wees nie...Die Here sal by julle wees."*

Jósafat was koning oor Juda, en in sy tyd het daar 'n groot menigte teen Juda opgetrek om hulle te vernietig. Vrees het Jósafat aangegryp en hy het 'n vasdag uitgeroep om God vir hulp te vra.
In 2 Kron. 20:12 bid hy: *"Onse God...in ons is geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U."*
Sy oorwinning was toe hy sy oë op God geplaas het!

Moontlik is jy in 'n soortgelyke omstandigheid? Daar is soveel druk op jou en jy weet nie wat om te doen nie? Ek vertrou dat jy ook kan sê dat jou oë op die Here gevestig is? Onthou altyd dat die stryd wat jy moet stry is eintlik nie joune nie maar God se stryd. 'The Message Bible' haal ons teks soos volg aan: *"You won't have to lift a hand in this battle; just stand firm...and watch God's saving work for you take shape..."*

Jou oorwinning begin as jy jou posisie in Jesus inneem.
Moet nie vergeet dat jy God se oogappel is nie. (Sag. 2:8)
Glo dat jy duur gekoop is deur die bloed van Jesus Christus.

**Jy staan in verbond met God**

**1 Samuel 17:26** Dawid het in die geveg teen Goliat gesê:
*"Want wie is hierdie onbesnede Filistyn, dat hy die slagordes van die lewende God durf uitdaag?'*

Miskien wag daar 'n groot reus vandag teen wie jy moet veg? Dit mag wees n reus van siekte of teleurstelling, of tekort aan finansies? Maar moenie toelaat dat daar vrees in jou hart kom nie. Jy het dieselfde geheime wapen wat Dawid gehad het as 'n jong man. Sy wapen was dat hy 'n verbond met die lewende God gehad het –iets wat Goliat nie gehad het nie, daarom word hier gepraat van "die onbesnede Filistyn"

Soos Dawid het jy 'n verbond met die lewende God. Joune is net beter as Dawid sin. Dawid se verbond het seën en voorspoed beloof indien hy die verbond streng nagekom het, anders sou daar vloeke oor hom gekom het soos wat ons lees in Deut. 28:15-68. Jou verbond is anders, want dit is die Nuwe Verbond wat betaal is deur die bloed van Jesus Christus aan die kruis.

Dit is nie jou vermoë en werk nie, maar om Sy groot genade. Geen uitdaging wat jy ondervind is te moeilik om te oorwin nie. Laat geen "reus" druk op jou plaas nie, want jy staan in verhouding met God.

## Onderwerping

**1 Petrus 2:13,14** *"Moenie teen die reëls en wette van julle aardse regeerders in opstand kom nie. Gehoorsaam dit maar, want dan sal die Here nie in die skande gesteek word nie. Dit maak nie saak of die wette uit die hoogste politieke vergaderings kom of van die polisie af wat hier onder ons die kwaaddoeners moet vang en die goeie mense moet beskerm nie."* (Die Boodskap)

Baie mense het probleme met onderwerping en tog verwag die Here dit van ons. Die eerste wat jy moet doen is om jouself te onderwerp aan God en Sy woord!
In Jak. 4:7 is geskrywe: *"Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle af wegvlug."*
Jy moet eers jouself aan God onderwerp voordat jy ooit sal dink dat die duiwel van jou af sal wegvlug.

Ons Skrifgedeelte hierbó het duideik gepraat met ons, wat ons behoort te doen. Ek wil nie uitbrei op dit nie. Maar tog voeg ek by dat jy jouself moet dissiplineer om jou ook te onderwerp aan jou kerkleiers. Moenie in opstand kom teen hulle en daardeur skade oor jouself bring nie. Onderwerp jouself ook aan die opinie van jou familie – behalwe as hulle totaal uit die Here se wil beweeg.

Die beginsel in Ef. 5:21 (vir man en vrou) is verseker ook vir ons almal:
*"Omdat ons vir Christus soveel eerbied het, moet julle julle ook onderwerp aan mekaar."* (Die Lewende Bybel)

## Is die Here ook jou herder?

**Psalm 23:1** *"Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie."*
Die Lewende Bybel: *"Die Here is my herder; daarom het ek alles wat ek nodig het."*
The Message: *"God, my shepherd! I don't need a thing."*
Die Boodskap: *"Die Here sorg vir my soos 'n herder wat sy skape oppas; ek het niks meer nodig nie."*

Ek deel al hierdie vertalings vandag met jou, omdat elkeen vir my 'n besondere seën was toe ek hulle gelees het. Ons mag hierdie teks verskillend verstaan, maar een ding is 'n waarheid dat indien die Here my herder is sal Hy voorsien in al my behoeftes na die rykdom van Sy genade. (Fil. 4:19)

Ek sou ons teks vertaal het met: *"Omdat die Here my herder is, het ek ondervind dat Hy aan my voorsien wat ek nodig gehad het, en soms aan my gegee meer as wat ek nodig het – sodat ek genoeg sou hê om ook vir ander te kan gee."*
Lees maar self weer met aandag Psalm 23:1 totdat jy verstaan wat "jou Herder" vir jou wil sê deur Sy Woord.

Wat mense maak sonder die Here as hul herder, weet ek nie.
Vir my en my gesin was die Here al die jare ons herder.
Maak dubbel seker dat die Here jou persoonlike herder is.

## Maak die beste gebruik van jou tyd

**Efesiërs 5:16** Die Boodskap: *"Moenie jou tyd mors nie. Maak die beste gebruik van elke geleentheid wat jy kry, want ons leef in moeilike en slegte tye."*

Die Woordeboek sê dat "Geleentheid" is 'n gunstige, geskikte kans wat jy kry. Dit is tyd wat tot jou beskikking gestel word, en daardie tyd moet jy nie mors nie! Daar is twee Griekse woorde vir tyd. Die een is "kairos" wat "gunstige tyd" beteken. Dan is daar ook "chronos" wat "gewone tyd" beteken. Albei hierdie woorde kom voor in Joh. 7.

In hierdie hoofstuk het Jesus gesê dat Sy broers moes gaan na die huttefees want Sy tyd was nog nie reg om te gaan nie. Joh. 7:6,8: *"Toe sê Jesus vir hulle: My tyd (kairos) is nog nie daar nie. Maar julle tyd (chronos) is altyd daar...Gaan julle op na hierdie fees. Ek gaan nie op na hierdie fees nie, omdat my tyd (kairos-gunstige tyd) nog nie daar is nie."*

Koop die tyd uit om te bid want as jy nie dissipline toepas nie, sal jy dit nie doen nie. En wat van Bybellees? Die duiwel gee nie om indien jy deur die "groen weivelde" hardloop nie, solank jy net nie daarin "vertoef" nie. (Lees Ps. 23:2)
Lees jou Bybel totdat dit met jou praat, en ek belowe jou, dit sal met jou praat omdat dit God se woord is.

Elkeen van ons het dieselfde tyd tot ons beskikking.
Maar dit is belangrik dat jy jou tyd reg sal bestuur.
Gebruik elke geleentheid wat jou pad langs kom, tot Sy eer!